DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

23 Junie1989 Tel: (011) 836-2152 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

# VENDETTA!

**DIE staat het vandeesweek sy kleinlike vendetta teen Vrye Weekblad hervat.**

**Enkele ure nadat sy redakteur weens die Wet op Binnelandse Veiligheid opgeskorte tronkstraf opgelê is, het die veiligheidspolisie laat weet dat verskeie aanklagte ingevolge die noodmaatreëls teen Vrye Weekblad ondersoek word.**

**Die veiligheidspolisie sê die koerant het "diensplig ondermyn". Die betrokke berigte, almal ouer as vier maande, bevat egter meestal verslae van 'n gewetensbeswaarde se hofsaak.**

**Sedert Vrye Weekblad op 4 November verlede jaar die eerste keer gepubliseer is, het die staat op verskeie fronte probeer om ons verdag te maak, finansieel te knou en as 'n veiligheidsrisiko te brandmerk.**

**Hoekom is die regering so bang vir Vrye Weekblad?**

## Kry jou huis in orde, sê Slabbert vir DP

**Elsabé Wessels**


AS die Demokratiese Party deel wil wees van die proses van onderhandelingspolitiek in Suid-[illegible]ika moet hy nou sy h[illegible] die buiteparlementê[illegible] politiek in orde kr[illegible] Frederik van Zyl [illegible]abbert, mede-dire[illegible]r van Idasa.

In 'n wydlopende onderhoud met Vrye Weekblad het Slabbert gesê die DP het nie tyd om te verspeel nie. Die land se verswakte ekonomie is besig om FW de Klerk en die Nasionale Party in 'n onderhandelingsituasie te dwing. Die proses kan so vinnig gebeur dat volwaardige onderhandelingspolitiek op hande kan wees voordat die DP homself as 'n linkse parlementêre opposisie kan vestig,

"Sodra De Klerk homself verbind tot onderhandelingspolitiek, loop Nelson Mandela en Govan Mbeki vry rond," sê Slabbert

"Die DP loop die gevaar om deur die NP verbygesteek te word. As hulle nie oppas nie, kan hulle hulself in 'n situasie bevind waar De Klerk met die ANC gaan praat voordat hulle dit doen."

**Volledige onderhoud op bladsy 4.**



Kyk hoe lyk hy nou! - 6

## Wie laaste Lugg...

**Jacques Pauw**

HUGH LUGG, die vermiste kameraad in die Broederstroom-verhoor, was toe nooit 'n polisie-spioen nie. Sy senuwees kon dit doodeenvoudig net nie hou toe hy sy ANC-sending in Suid-Afrika moes volbring nie. Dis tóé wat hy besluit het om sy makkers te verraai.

Só sê 'n woordvoerder van die ANC vandeesweek uit Lusaka nadat daar sedert die aanvang van die Broederstroom-verhoor groot onsekerheid oor Lugg ontstaan het. Hy was een van die vier ANC-guerrillas wat in Mei verlede jaar in hegtenis geneem is, maar is nie saam met die ander drie aangekla nie.

Intussen het 'n woordvoerder van die afdeling openbare betrekkinge van die polisie in Pretoria bevestig dat Lugg as staatsgetuie ingevolge artikel 31 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word. Ná afhandeling van die saak sal hy waarskynlik vrygelaat word.

Daar het vandeesweek ook 'n ligte storm om die kop van staatsaanklaer Frans Roets losgebars weens sy kruisondervraging van die beskuldigde se ouers. Hy wou onder meer van Susan Donelly se ouers weet of hul dogter ooit 'n swart vryer gehad het of in die verlede 'n aborsie ondergaan het. Hy het haar ma, Margaret Westcott, onder skoot geneem weens haar lae akademiese kwalifikasies.

"Is ek dan die een in die beskuldigdebank?"' wou Westcott tydens kruisondervraging weet.

Donelly, 24, Damien de Lange, 31, en Ian Robertson, 36, is verlede week skuldig bevind op tien aanklagte van terrorisme. Die twee mans is op nóg 'n aanklag van terrorisme skuldig bevind, terwyl De Lange op twee aanklagte van brandstigting en een van poging tot brandstigting skuldig bevind is.

Vandeesweek het 'n senior dosent in sosiologie aan Unisa, Stella Welz, getuig dat De Lange 'n Rooms-Katolieke priester wou word. Die beskuldigdes, wat al drie gerieflike

*vervolg op bladsy 2*

# Los ander huise, sê swart leiers vir DP

**Elsabé Wessels**

DIE Demokratiese Party stuur af op 'n konfrontasiepad met swart politieke leiers oor die stel van DP-kandidate in die bruin- en Indiërhuise in die driekamerparlementverkiesing van 6 September.

Swart leiers buite die "breë demokratiese beweging" het vandeesweek ook sterk teenkanting teen dié moontlike stap uitgespreek.

Die sekretaris-generaal van Inkatha, dr Oscar Dhlomo, en die hoofminister van Kangwane, Enos Mabusa, het die DP sterk afgeraai om buite die wit Volksraad aan die driekamerparlement deel te neem.

Die dilemma oor deelname of nie in die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardiges is tans 'n ernstige bron van konflik binne die DP.

Volgens DP-bron[illegible]aar ook ernstige verdeeldheid in [illegible]ika-leierskap oor die saak. 'n Fina[illegible]esluit word nou geruime tyd reeds uitgestel en geen vaste datum vir besluitneming is nog neergelê nie.

Leiers en lede-organisasies van die United Democratic Front (UDF) en die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) waarsku die DP geruime tyd reeds dat deelname in die ander twee huise homself in konflik met buite-parlementêre groepe sal plaas.

Die Arbeidersparty, die leidende party in die Huis van Verteenwoordigers, is ook sterk gekant teen DP-deelname buite die wit huis. Volgens die ANC behoort die DP slegs die wit Volksraad te gebruik as 'n platform om verandering te bewerkstellig.

Die president van die Transvaal Indian Congress, Cassim Saloojee, het die DP gemaan om nie "'n historiese geleentheid van samewerking met buite-parlementêre magte op te offer ter wille van die goedkeuring van enkele bruin- en Indiërlede wat uitgesproke teen die breë demokratiese beweging gekant is en in elk geval nie die breë steun van hulle eie gemeenskap geniet nie.

"Met deelname aan die ander twee huise, selfs die stel van net een kandidaat, sal die DP niks anders as 'n ou uitgediende liberale party wees nie."

Mabuza het 'n waarskuwende noot aan die DP gerig en gesê indien die DP sy bona fides onder buite-parlementêre en anti-apartheidsgroepe wil behou hulle geen kandidate in die ander twee moet stel nie.

Deur toe te gee aan die druk van enkeles wat wil deelneem in die ander twee huise, loop die DP die gevaar om die samewerking van die buite-parlementêre groepe te verloor.

Die DP het geen politieke toekoms sonder die samewerking van die buite-parlementêre groepe nie, het Mabusa gesê.

Dhlomo het op navraag aan Vrye Weekblad gesê dat Inkatha uit "beginsel" die driekamerparlement in sy geheel verwerp en dus teen deelname in enige van die drie huise is.

"Indien dit die Demokratiese Party se onmiddellike en korttermyn-doelstelling is om die huidige bewind te beëindig, het hulle net die steun van wit kiesers nodig en nie dié van bruin en Indiërkiesers nie.

Die mag lê in die wit Volksraad. Die ander twee huise kan niks meer doen as om die regering te irriteer en ongemaklik te maak nie," sê Dhlomo.

# Mynwerkers en mynbase in twis

**Anton Steenkamp**

'N VERSOENINGSRAAD is aangewys om die loondispuut tussen die Kamer van Mynwese en die National Union of Mineworkers (NUM) te probeer oplos.

'n Dispuut is verlede Vrydag verklaar nadat die jaarlikse loonsamesprekings tussen die twee partye 'n dooiepunt bereik het.

Die Kamer het oorspronklik 'n 11 persent verhoging in minimumlone vir mynwerkers aangebied, wat neerkom op 'n gemiddelde verhoging van R38 per maand. NUM vra dat minimumlone in reële terme, en nie persentasiegewys nie, verhoog word.

'n Alternatiewe aanbod van die Kamer vir loonverhogings (wisselend van graad 1 tot graad 8) tussen R35 en R105 vir oppervlaktewerkers en tussen R38 en R117 vir ondergrondse werkers, is ook deur NUM verwerp.

Die vakbond eis 'n maandelikse minimumloon van R543 vir oppervlaktewerkers en R600 vir ondergrondse werkers. Dit sal neerkom op 'n gemiddelde verhoging van 118 persent.

Die huidige minimumloon op goudmyne is R278 per maand, hoewel mynwerkers volgens Peter Blundell van die Kamer van Mynwese aansienlik meer verdien.

NUM maak beswaar teen die beleid om dieselfde kategorie mynwerkers op verskillende myne verskillende lone te betaal, en probeer die gaping tussen hoog- en laagbesoldigde werkers vernou.

'n Woordvoerder van NUM het daarop gewys dat Anglo American byvoorbeeld 'n graad 4 ondergrondse werker R599 betaal, terwyl Gencor R382 betaal. NUM eis dieselfde minimumloon van R832 deurgaans vir dié kategorie.

Die NUM-woordvoerder het die Kamer se aanbod as "belaglik laag" beskryf. "Dit is nog ver van 'n bestaansloon af," het hy gesê.


Volgens NUM het lone op die Kamer se myne nie werklik verhoog in terme van koopkrag sedert 1975 nie, ondanks die myne se groot winste in dié periode.

"Ons eise is heeltemal redelik as die hoër lone in die nywerheidsektor en die gevaarlike werk in die myne in ag geneem word," sê NUM se woordvoerder.

Die Kamer van Mynwese het gesê hulle kan nie aan NUM se eise gehoor gee nie, aangesien dit die huidige loonpakket sal verdubbel. Die lae goudprys en die feit dat baie myne op die randjie staan om toegemaak te word, maak dit onmoontlik.

## Gesoek:

Heinrich Johannes Groskopf.



24 Jaar oud
1.95 m / 6 vt 3 dm lank
Heuningblonde hare
Fris gebou - geen vet
Dik lippe
Dra voltyds bril en snor
Het 'n litteken op sy rug a.g.v. operasie
Stap flink en regop
Praat vlot Engels en Afrikaans sonder aksent.

**WEET jy dalk van 'n man met dik lippe, geen vet én wat boonop regop en flink stap? Indien wel, gaan staan 'n oomblik stil en kyk weer, want dit mag dalk net Heinrich Johannes Grösskopf wees - daardie jong man met 'n losprys van R50 000 op sy kop nadat hy deur die minister van Wet en orde, Adriaan Vlok, in die openbaar as ANC-terroris skuldig bevind en gekruisig is. Die plakkaat met van sy foto's en 'n beskrywing is in die Johannesburgse landdroshof teen die mure opgeplak. Benewens die absurde beskrywing van Grösskopf se uiterlike, is sy van ook verkeerd gespel.**

# Hervormers vrees ver-regse kaping

**Elsabé Wessels**

VREES dat die Nederduitsch Hervormde Kerk deur ver-regses gekaap gaan word, is op die vooraand van die kerk se algemene sinodesitting uitgespreek. Die sinodesitting begin Sondag in Pretoria.

Daar heers kommer dat die berugte Artikel III wat op die sinode van 1986 aanvaar is, waarvolgens apartheid in die kerkbeleid ingegrawe is deur swart lidmaatskap te verbied, op aanstaande week se sinodesitting uitgebrei sal word om "nie-blankes" van enige bywoning te verbied.

Daar word ook gevrees dat die kerk met sy "volkskerk"-gedagte homself tot Konserwatiewe Party en Afrikaner Weerstandsbewegingpolitiek sal verbind.

Die NHK met sy sowat 225 000 wit lidmate sal met dié stap homself verder van die Nederduits Gereformeerde Kerk vervreem wat in 1986 juis die eerste stap geneem het om kerkapartheid ongedaan te maak.

Hy sal homself ook van die sowat 2 000 bruin lidmate van die NHK van Suidelike Afrika vervreem, meen waarnemers.

Lidmate van die kerk se enigste Nederlandsprekende gemeente het hul kommer oor die verskerping van regse politieke sentimente in die kerk uitgespreek.

Die gemeente meen dat Artikel III in sy huidige vorm 'n aantasting is van Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en 'n aanstoot vir en belediging van medechristene is.

'n Mosie van die gemeente sal voor die sinode dien waarin die NHK gevra word om Artikel III te skrap.

# Drie bomme in een week by ANC-kantore in Zambië

LUSAKA - 'n Kragtige bom het hier in die African National Congress se kantore ontplof en drie mense beseer. Een is in 'n ernstige toestand.

Dit is die derde bomontploffing hierdie week wat gemik is teen die ANC se kantore in Zambië.

Maandag het 'n bom buite die kantore 'n omstander aan stukkies geblaas, en later die dag het nog 'n bom kwaai skade aan 'n ANC-kantoor in een van Lusaka se voorstede aangerig.

Een van gister se beseerdes het albei sy bene verloor.

'n Woordvoerder van die ANC het gister gesê daar is by die ANC geen twyfel nie dat dit die werk van agente van die Suid-Afrikaanse regering was. AFP.

# 'Lugg 'n lafaard'

*vervolg van bladsy 1*

middelklaslewens gelei het, het verkies om dié lewenstyl op te offer vir wat hulle gemeen het 'n strewe na 'n beter wêreld was.

Die staat het vandeesweek ook die gerespekteerde Kaapstadse historikus, prof Colin Bundy, onder kruisverhoor geneem en 'n verklaring te voorskyn gebring wat hy 23 jaar gelede gemaak het waarin hy homself met 'n verbode organisasie, die Natal Liberation Front, vereenselwig het.

Bundy is ook lank kruisondervra oor 'n stuk wat hy oor die steentydperk in Suidelike Afrika geskryf het. Die advokaat vir die verdediging, David Soggott, wou by landdros W van den Bergh weet wat die relevansie van die kruisondervraging is.

'n Johannesburgse prokureur het vandeesweek die staat se kruisondervraging van veral Margaret Westcott skerp gekritiseer en gesê dit strook nie met voorskrifte oor hoe staatsaanklaers moet optree nie.

Die prokureur sê met kruisondervraging by versagtende getuienis gaan dit veral oor karakter-getuienis en kan die aanklaer bykans enigiets doen om só 'n persoon in diskrediet te bring.

In die geval van die Westcott-egpaar het Roets egter alle perke van aanvaarbaarheid oorskry.

'n Lektor by die departement van Justisie, JF Scheepers, het gesê daar bestaan 'n kode vir staatsamptenare by kruisondervraging. Enige kruisondervraging is toelaatbaar, mits dit relevant tot die saak is.

In die geval van Roets se vrae oor Donelly se verhouding met 'n swartman en 'n beweerde aborsie kon dit wees dat hy wou vasstel wat die invloed van haar opvoeding op haar latere dade was.

Scheepers sê dit is die plig van die landdros om tussenbeide te tree wanneer kruisondervraging billike perke oorskry. Dit is onbetaamlik vir 'n staatsaanklaer om 'n beskuldigde aan 'n tergende kruisverhoor te onderwerp. Volgens 'n Hooggeregshof-uitspraak is dit maklik vir 'n staatsaanklaer om 'n getuie wat nie baie slim, taalvaardig of 'n sterk persoonlikheid het nie, te intimideer en te boelie. Dit druis in teen alle vorme van menslikheid en goeie maniere.

# Deurbraak teen doodstraf

**Jacques Pauw**

NIE 'n enkele van die 274 veroordeeldes in die dodeselle in die Sentrale Gevangenis in Pretoria mag gehang word voordat alle wetlike weë vir begenadiging nie ondersoek is nie, het die Gevangenisdiens vandeesweek aan die organisasie Regslui vir Menseregte (RMR) gesê.

Die nasionale direkteur van RMR, Brain Currin, sê die Gevangenisdiens se versekering is 'n groot deurbraak in die erkenning van die regte van veroordeeldes en 'n groot deurbraak om die doodstraf afgeskaf te kry. Hy hoop dat dit eindelik mag lei tot 'n kommissie van ondersoek na die doodstraf en 'n moratorium op teregstellings.

Volgens Currin se inligting is daar tans 274 mense in die dodeselle - 223 swartmense, 35 bruinmense, elf blankes en vyf Indiërs.

Die Gevangenisdiens sê nie een van die veroordeeldes se sake is afgehandel nie. In die meeste gevalle is appèl nog hangende, en in ander word petisies vir begenadiging aan die staatspresident nog voorberei.

Die owerhede is verlede week skerp deur Currin gekritiseer nadat vyftien mense binne dertien dae gehang is - om plek te maak vir inkomende veroordeeldes na die uitspraak in die Upington 25-verhoor.

Sedert Regslui vir Menseregte met 'n monitorstelsel begin het, het teregstellings in Suid-Afrika dramaties afgeneem.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe is deur Max du Preez en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breestraat 153, Johannesburg

# Tronkstraf vir 'objektiewe' berig



**Vrye Weeklad se regsverteenwoordiger, adv Eberhard Bertelsmann, SC, (regs) verlaat die hof saam met prof Nina Overton van die RAU, wat spesialiteitsgetuienis in die saak gelewer het, en Vrye Weekblad se redakteur, Max du Preez**
*Foto: Gavin Sinclair*

**Jacques Pauw**

VRYE WEEKBLAD het eintlik 'n tegniese oortreding begaan. Dit is 'n objektiewe berig wat nie opruiend is nie en ook nie die staat se veiligheid in gevaar stel nie. Boonop is daar ander berigte met voorbeelde by die hof ingedien waar Joe Slovo direk aangehaal is.

Só het 'n Johannesburgse streeklanddros vandeesweek gesê voor hy die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, ses maande tronk toe gestuur het nadat hy skuldig bevind is aan die Wet op Binnelandse Veiligheid. Die vonnis is vir vyf jaar opgeskort. Die uitgewer van Vrye Weekblad, Wending Publikasies, is met R1 000 beboet wat vir vyf jaar opgeskort is.

Landdros Pieter Bredenkamp het in sy uitspraak gesê die hof is ten gunste van die vryheid van die pers, maar dit moet verantwoordelik gedoen word. Die wet eis gehoorsaamheid van die media aan die wetgewer.

Vandeesweek se uitspraak bring mee dat Vrye Weekblad en sy redakteur die eerste koerant die afgelope vier jaar word wat skuldig bevind is omdat hy 'n aanhaling of verklaring van 'n gelyste persoon, in dié geval die sekretaris-generaal van die SA Kommunistiese Party, Joe Slovo, gepubliseer het.

In 'n vorige saak van dié aard is die Cape Times skuldig bevind nadat hulle 'n onderhoud met ANC-leier Oliver Tambo woordeliks gepubliseer het. In daardie geval is slegs die koerant skuldig bevind.

Vrye Weekblad se hofsaak is allerweë beskou as 'n toetssaak vir persvryheid wat gedraai het rondom die leserspubliek se reg om oor alle standpunte ingelig te word. Die kernvraag was: mag die argumente en sienswyses van gelyste persone in koerante weergegee word?

Bredenkamp se uitspraak het geen twyfel gelaat nie: "Dit is uit die betrokke artikel duidelik dat die wetgewer sekere persone se kommunikasie na buite heeltemal wil verhoed. Enige vorm van publikasie van enige argument van 'n gelyste persoon word verbied."

Adv Eberhard Bertelsmann, SC, vir die verdediging, het reeds te kenne gegee dat daar teen die skuldigbevinding geappelleer gaan word.

Bertelsmann het in sy betoog voor skuldigbevinding gesê 'n verbod op die bespreking van standpunte van gelyste persone kan tot so 'n absurde situasie lei dat indien Oliver Tambo van die ANC môre met 'n vredesaanbod sou kom, niemand dit sal weet nie want dit mag nie gepubliseer word nie.

Minstens vyftien ander berigte uit publikasies soos Beeld, Rapport, Sunday Times, Leadership en die Financial Mail is as bewysstukke ingedien waar argumente van gelyste persone weergegee is sonder dat stappe teen die koerant of sy redakteur geneem is.

Bertelsmann het gesê daar was geen getuienis voor die hof dat die betrokke artikel in Vrye Weekblad enige persoon opgesweep of staatsveiligheid benadeel het nie. Dit het geen inligting bevat wat nie in ander artikels geskryf is nie en is skadeloos vergeleke met dié wat by die hof ingedien is.

"Vrye Weekblad is 'n redelike beperkte publikasie en is gerig tot 'n marksegment wat nie maklik beïnvloed word nie. Niemand hoef teen die koerant beskerm te word nie," het Bertelsmann gesê.

Bredenkamp het gesê dit is so dat die betrokke oortreding 'n hoë voorkoms het, maar dat min gevalle uiteindelik in die hof beland. Nogtans moes Du Preez as redakteur stappe gedoen het om die oortreding te verhoed, iets wat hy versuim het om te doen.

"In die toekoms moet jy baie, baie versigtig wees vir dié soort oortreding. Dis 'n baie ernstige misdryf wat 'n opgeskorte vonnis vereis," het die landdros gesê.

Du Preez is ook daaraan skuldig bevind dat hy vier uitgawes van Vrye Weekblad gepubliseer het sonder dat die koerant wetlik geregistreer was. Bredenkamp het egter aanvaar dat dit 'n mindere en tegniese oortreding was omdat daar 'n aansoek hangende was. Hy het Du Preez gewaarsku en ontslaan.

* Bertelsmann en adv Karel Tipp het in opdrag van Bell, Dewar en Hall vir Du Preez en Wending Publikasies opgetree. Die staatsaanklaer was Arno van Wyk.

## ...en nou ondermyn ons nog diensplig ook!

**Max du Preez**

DIE Veiligheidspolisie wil Vrye Weekblad ingevolge die noodtoestand se mediaregulasies aankla dat hy kwansuis diensplig ondermyn het.

Twee uur nadat landdros Pieter Bredenkamp die redakteur van Vrye Weekblad 'n opgeskorte vonnis van ses maande opgelê het ná 'n skuldigbevinding ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid, het 'n majoor Pretorius van John Vorsterplein se veiligheidstak die koerant van die aanklagte verwittig.

Pretorius sê die berigte waarteen hulle dit het, is op 9 Desember verlede jaar en op 10 en 24 Februarie vanjaar gepubliseer.

Dit is nie bekend hoekom die veiligheidspolisie vier maande gewag het ná die laaste berig voordat die aanklagte opgevolg is nie.

Dit is ook nie bekend of dit bloot toeval is dat die aanklagte gestel is net ure ná die laaste saak teen Vrye Weekblad afgehandel is nie.

Pretorius sê die beweerde oortredings is begaan ingevolge Regulasie 5(b) van Proklamasie R99. Hy wil 'n verklaring van Vrye Weekblad hê sodat hy dit in die dossier kan sit wat hy volgende week na die Prokureur-generaal stuur.

Gister het die veiligheidspolisie op versoek van Vrye Weekblad verdere besonderhede van die aanklagte verskaf.

In die uitgawe van 9 Desember, byvoorbeeld, het hulle dit teen twee sinne uit 'n verslag van die hofsaak van 'n gewetensbeswaarde, Charles Bester, waarin Bester só aangehaal word: "Ek glo vas dat God wil hê ek moet weier om diensplig te verrig." En: "Ek glo die Weermag hou ons (die verskillende rassegroepe) uitmekaar en ondersteun die stelsel van apartheid."

In die uitgawe van 10 Februarie, sê die veiligheidspolisie, glo hulle die volgende aanhaling van Bester tydens sy hofsaak is 'n oortreding van die mediaregulasies: "Ek is 'n belydende Christen en ek glo dat dit Jesus Christus se wens op aarde was dat daar vrede, geregtigheid en vryheid moet wees. Ek glo vas dat God wil hê ek moet weier om diensplig te verrig."

Die ander aanklag spruit uit 'n onderhoud wat Vrye Weekblad op 24 Februarie met 'n oud-polisieman, Mike Rautenbach, wat weier om verder diensplig te doen, gevoer het.

Die redaksie van Vrye Weekblad het gister die aanklagte as "absurd en belaglik" beskryf. "Ons kan nie anders nie as om te glo dat dit deel is van die voortgesette vendetta wat die regering teen die koerant voer.

"Ons lesers sal voortaan weet wat om te dink as die regering weer so hoogheilig praat van hul respek vir persvryheid.

"Ons sal ons nie laat afskrik van ons plig om ons lesers op 'n gebalanseerde en verantwoordelike wyse in te lig oor wat in Suid-Afrika aan die gang is nie. Ons soek nie konfrontasie met die staat nie, maar dit word duidelik dat die regering konfrontasie met ons soek," het die redaksie gesê.

# Durr hof toe ondanks herverhoor

**Anton Steenkamp**

LESLEE DURR, Stellenbosse Nusas-voorsitter, gaan steeds hof toe, al het die universiteitsowerhede haar skorsing en die tydelike verbod op Nusas en die swart studente-organisasie BSOS opgehef met die oog op 'n herverhoor.

Durr het aan Vrye Weekblad gesê hulle het besluit om voort te gaan met 'n hofsaak teen die universiteit omdat hulle die geldigheid van die universiteitsreël wat protesoptogte op die kampus verbied, bevraagteken.

Die universiteitsowerhede het in 'n verklaring gesê die opheffing van die tugmaatreëls en die herverhoor beïnvloed nie die geldigheid van die reël teen protesoptogte en demonstrasies wat in 1985 ingestel is nie.

Durr se prokureur het bevestig dat hulle vandag namens Durr, Nusas en BSOS 'n aansoek sal bring om die geldigheid van die 1985-reël te hersien.

Die universiteit se prokureurs het gesê die herverhoor waarop die universiteit besluit het, sal so gou as moontlik na 15 Julie plaasvind.

Durr se prokureurs gaan hulle egter vra om dit uit te stel totdat die hof beslis het oor die geldigheid van die reël. Aangesien die hof op die oomblik in reses is, sal dit nie voor Augustus kan gebeur nie.





Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dít is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

HUNT LASCARIS TBWA

# 'SA op die drumpel van 'n nuwe geskiedenis'



**Dr Frederik Van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa, praat met ELSABÉ WESSELS oor huidige stominge in die Suid-Afrikaanse politiek asook sy eie posisie as skakel in die politieke proses.**

**Hoekom het jy besluit om nie vir die Demokratiese Party in die algemene verkiesing op Stellenbosch te staan nie?**

**Slabbert:** Van die begin af toe die studentetak gestig is, was my standpunt dat ek nie beskikbaar was om te staan nie. Toe het van die DP-mense my kom spreek en gevra om dit te heroorweeg. Maar die feit dat dit na die pers uitgelek het, het dit vir my geweldig moeilik gemaak om te konsulteer, want dis nie net 'n besluit wat ek op my eie kan neem nie. Ek moet gesels met mense binne Idasa en mense wat ons wil betrek deur middel van Idasa.

**Maar jy het tog 'n nominasievorm ingevul?**

**Slabbert:** Net voor ek Duitsland toe is, het die DP my gevra om 'n nominasievorm in te vul. Hulle het gesê hulle weet ek het nog nie besluit nie, maar omdat ek in Duitsland sou wees as die nominasies sluit, moet ek maar 'n vorm invul. Toe teken ek. Dit het ook toe bene in die pers gekry. Toe dit lyk of die ding gaan hand uitruk, moes ek maar sê ek is nie beskikbaar nie.

**Wil jy sê dat jy dit sou aangeneem het indien jy die kans gehad het om te konsulteer en jy die groen lig gegee is?**

**Slabbert:** Ek sou dit sterker oorweeg het. Maar 'n mens se besluit word geneem op grond van hoe jy dit beding. Dis nie 'n kwessie van ek wat verlof kry by ander nie. Ek het my eie analise gedoen van die moontlike skade wat berokken kan word.

Een van die dilemmas van die DP is oor hoe om deel te word van 'n breër demokratiese alliansie. Met die steun van die buite-parlementêre groepe kan die DP baie sterker staan. Maar nou worstel hulle oor deelname in die ander twee huise. Kan jy jou voorstel as hulle voluit sou gaan vir die twee huise en ek gaan staan op Stellenbosch hoe dit my buiteparlementêr gaan raak en hoe dit Idasa gaan raak? Dan is dit mos 'n gemors.

**Is jy in beginsel teen die Demokratiese Party?**

**Slabbert:** Nee, hoegenaamd nie. Ek is ook nie in beginsel teen die gedagte van staan nie. My hele uittrede uit die parlement dink ek is van die begin af verkeerd verstaan. Deelname is vir my 'n strategiese oorweging - nie 'n beginselsaak nie. Ek kan mos nie vir 12 jaar my gewete staan en verkrag het in die parlement nie.

Ek is daar uit omdat ek gedink het dis vir my persoonlik 'n mors van tyd. Die parlement het 'n slagoffer geword van die polarisering van die land. In die PFP het ek in 'n party gesit wat hom voorgehou het as deel van die breë demokratiese stryd, maar hy kon nie gesels met die mense nie en hy kon nie by hulle uitkom nie.

Afgesien daarvan het PW Botha toenemend die parlement begin ignoreer. Soos ek destyds gesê het, was dit 'n buiteparlementêre regering wat deur 'n buite-parlementêre opposisie gekonfronteer word - en die parlement was die toeskouer - soos by 'n Wimbledon-finaal.

Jy het goeie kaartjies en jy kan die spel mooi dophou, maar jy is nie deel daarvan nie.

**Wat sou jou kon laat besluit het om terug te gaan?**

**Slabbert:** As daar nie meer 'n driekamer-parlement is nie, as beperkings op verbode organisasies opgehef en politieke gevangeners vrygelaat word en as daar 'n werklike poging aangewend word om 'n proses van bedinging aan die gang te kry. Dit sal die optimale omstandighede wees. As ek gedink het dat daar genoegsame strategiese konsensus in die buite-parlementêre veld bestaan en genoegsame duidelikheid binne die Demokratiese Party oor sy eie rol sou ek deelname oorweeg het. Maar ek dink daar moet nog aan albei kante gewerk word oor watter rol die parlement binne 'n breë demokratiese opset kan speel.

**Sal jy vir die Demokratiese Party stem op 6 September?**

**Slabbert:** Dit hang af van wie die kandidaat is. Daar is mense in die Demokratiese Party wat ek onder geen omstandighede sal steun nie. Ek sal nou nie name noem nie. Maar hulle weet wie hulle is. Hulle hoort eintlik tuis in die regtervleuel van die Nasionale Party. Maar daar is sonder twyfel baie knap mense in die DP wat wel steunbaar is en wat 'n belangrike rol kan speel.

**Kan die DP die teenstrydige vleuels akkommodeer?**

**Slabbert:** Die dilemma van die DP is die dilemma van die NP. Albei dra teenstrydige elemente in die boesem rond. As die DP wil gaan vir wit steun ten koste van 'n duidelike buiteparlementêre rol - dan het hy geen rol om te speel nie. Dan kan jy net sowel by die NP aansluit.

**Sou die DP wel 'n rol kan speel in die wit Volksraad?**

**Slabbert:** Ja, as 'n skakel tussen die parlement en die buite-parlementêre bewegings, wat die regering self nie by magte is om te doen nie. Hy sou dan kon praat met steun van miljoene Suid-Afrikaners as deel van 'n breër demokratiese alliansie. Maar neem hy deel in die ander twee huise, verloor hy dié posisie.

**Is onderhandelingspolitiek moontlik?**

**Slabbert:** Ons is op die drumpel van die negentigs en die FW de Klerk-era. Een ding is vir my baie duidelik; die Nasionale Party kan nie soos hy nou daar uitsien, oorleef nie. Kyk 'n mens na die land se politiek is daar op internasionale, streeks- en nasionale vlak 'n onderhandelingsformule besig om uit te kristalliseer.

Dié formule is baie eenvoudig: ontban politieke organisasies, bevry politieke gevangenes, breek apartheidstrukture af, hef die noodtoestand op en onderhandel.

Die vraag wat 'n mens moet vra, is hoekom Thatcher en Kohl vir FW sien. Dis sy laaste kans en hulle gaan dit vir hom sê. Hierna is dit verby. Maar as hy die kans aangryp, is ons binne-in 'n nuwe politieke spel. Dan is 6 September die laaste algemene verkiesing van dié aard. En die volgende stap is nie 'n verligte opposisie nie. Die volgende stap is 'n nuwe politiek - onderhandelingspolitiek.

**Wat is die tydsfaktor van so 'n proses?**

**Slabbert:** Dit gebeur baie vinnig. Dan gaan dit nie meer oor die wit politiek en die parlement nie. Dan is jy in 'n onderhandelingspolitiek. Daarom is dit juis so noodsaaklik vir die DP om sy huis met die buite-parlementere politiek in orde te kry. Pasop hulle nie, kan hulle hulself in 'n situasie bevind waar FW met die ANC gaan praat voor hulle dit doen.

**Hoe oordeel jy De Klerk se politieke persoonlikheid?**

**Slabbert:** Ek dink hy is instinktief 'n konserwatiewe mens. As dit van hom afhang sal hy duimpie vir duimpie vorentoe strompel. Maar die druk en veral ekonomiese druk sal hom aanhelp. Hy is rasioneel en genadiglik meer intelligent as sy voorganger. Hy kan dus die tekens goed lees. As hy in die rigting van onderhandelingspolitiek beweeg, dan loop Mandela en Mbeki en die ander vry rond - en hulle begin onderhandel en gesels.

**Voorsien jy 'n internasionale geskikte 435- of Lancaster-oplossing?**

**Slabbert:** Geensins, mense maak 'n fout om Suid-Afrika met Namibia of Zimbabwe te vergelyk. Nie een van die twee kan as 'n oefenloop vir Suid-Afrika beskou word nie. Brittanje, Amerika en Rusland is ingestel op die formule van 'n binnelandse proses. Dié formule is nie deur hulle geskep nie. Dit is deur die body politic hier geskep: die ANC, UDF en Cosatu.

**Watter rol sal die vrylating van Mandela speel?**

**Slabbert:** Sy vrylating sal onderhandelingspolitiek begin. Tot dan is almal lamgelê. Dit is Buthelezi se grootste dilemma. Hy kan nie beding solank Mandela in die tronk is nie. Maar 'n vry Mandela sal 'n Buthelezi, 'n Enos Mabuza en die ouens in die vakbonde losmaak om te konkurreer. Dan het jy 'n debat. Jy kan blanke vrese nooit besweer solank daar 'n noodtoestand is nie.

**Jy het al baie kontak met die ANC gehad. Is hulle politieke program vir jou aanvaarbaar?**

**Slabbert:** Ek aanvaar hulle standpunt van Oktober 1987 dat hulle geweld sal afsweer indien die regering voldoen aan die onderhandelingsformule van ophef, ontban en loslaat. Ek dink die regering is mal om nie die kans aan te gryp nie. Ek aanvaar ook hulle grondwetlike riglyne as 'n basis vir onderhandeling hoewel ek kriewelrig is oor sekere aspekte soos hulle ekonomiese beleid.

**Jy word voorgehou as 'n instrument van die ANC in regeringsmedia?**

**Slabbert:** Ek is so min 'n instrument van die ANC as wat ek 'n instrument van die NP is. Maar as ons onderhandelingspolitiek wil hê, kan ek nie sien hoe ons dit sonder die ANC gaan doen nie. Die ANC kan 'n baie konstruktiewe rol speel in onderhandelingspolitiek. Trouens in 'n situasie van vrye assosiasie en ontbanning gaan ons uitvind hoe gematig hulle is.

**Wat is die rol van die veiligheidsestablishment in die proses?**

**Slabbert:** Dit is een van die grootste dilemmas wat FW in die gesig staar as hy oorvat. Hoe gaan hy sy eie regering se propaganda ongedaan maak. Jy weet tog wat die Nasionaliste nou geword het. Hulle is 'n klomp lapelvreters. Hulle gryp jou aan die lapel en vra: wat het die boys gesê, sal hulle onderhandel?

Maar dan gaan staan hulle op die openbare verhoog en praat teen die ANC. Die ANC het nou veertig sendings in die buiteland. Dis wanneer ek mense soos FW jammer kry in die buiteland.

Daardie mense is honderd maal beter ingelig oor die Suid-Afrikaanse situasie as hy. Dit is waar die regering die fout maak. Hulle gaan steeds voort om die indruk te skep dat die ANC 'n klein terreurorganisasie is.

**Wat is die noodsaak nou?**

**Slabbert:** Kry die grootste alliansie van anti-apartheidsbewegings saam en kyk wat gedoen kan word. En dit moet binnelands gedoen word.

**Sou jy weer aktief in die politiek wil wees?**

**Slabbert:** Ek sal graag aktief in die politiek wil wees as ek glo dit beweeg in die rigting van die ideale waarin ek glo: 'n nie-rassige demokrasie en onderhandelingspolitiek.

Die afgelope 15 jaar het ek politiek geëet, gedrink, gedroom en asem gehaal. Maar dit kan nie gemeet word aan die soort ervarings wat ek die laaste drie jaar gehad het nie. Die kragte van bedingingspolitiek vind ek geweldig opwindend.

Ek dink ons is op die drumpel van die mees opwindende tydperk in ons land se geskiedenis.


THE US INFORMATION SERVICE

is seeking a switchboard operator/ receptionist,

available to work 8 a.m. thru 5 p.m., Mondays thru Fridays. High school, fluency in English is required, any second or third languages helpful.

**Typing and familiarity with standard office equipment preferred.**
**The successful applicant must enjoy dealing with the public (both in person and by phone), be flexible and able to work under pressure.**

Contact the administrative assistant at (011) 29 3451, for an application form.





FIVE FREEDOMS FORUM

*Nooi u uit na die bekendstelling van 'n boek met die titel*

**101 Ways To End Apartheid**

Maandag 26 Junie 1989
6nm tot 8nm
Bozzolli-paviljoen, Wits Universiteit
(ingang in Empirelaan, net na Jan Smutslaan)

*Gassprekers en kunstenaars: Pieter-Dirk Uys*
*Jennifer Ferguson*

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om <u>nou</u> 'n verskil te maak.**

# Die opkoms en ondergang van Eugene Terre'Blanche

**Ses maande gelede het Eugene Terre'Blanche vier van sy getrouste volgelinge geskors omdat hulle onder meer aan die komende verkiesing wou deelneem. Nou gaan dié ekstremis self aan die verkiesing deelneem as onafhanklike kandidaat vir Rustenburg. Kenners meen dit is duidelik dat hy iets aan sy dalende steun probeer doen en verlore aansien wil herwin. Waar Terre'Blanche 'n jaar gelede nog kon aanspraak maak op leierskap van die regses, sukkel hy nou om sy beweging van verdere skeuring te red. JACQUES PAUW doen verslag.**

DIE bebaarde man met die kortmou-safaripak het op die ysterwiel van die wa gaan sit, trane uit sy oë gevee en gesê: "Ek is eintlik maar net 'n seun van die veld wat my vaderland innig liefhet. Ek is soos 'n Noag van ouds wat 'n ark moet bou - 'n ark vir my eie Boerevolk."

Dit is Februarie 1986 by die Voortrekker-gedenkmonument by Bloedrivier. Op die wa sit Eugene Ney Terre'Blanche, hoofleier van die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB).

Hy is veertig jaar oud en op die kruin van sukses. Hy spreek twaalf vergaderings en sowat tienduisend mense per maand toe. Die ledetal van die AWB klim tot meer as honderdduisend. Die buitelandse pers hang aan sy lippe en die binnelandse media skreeu histeries oor die bedreiging wat hy inhou.

Hy breek NP-vergaderings op en maak van Pik Botha 'n gek. Hy beledig die Staatspresident as 'n "rugmurg-ontwaterde smurfie" en 'n "dowe hond". Hy word die groot vredemaker onder die regse groepe.

Op die verhoog is hy die groot orator - regterhand ten hemele en opreg bekommerd oor die graf waarvoor sy Boervolk te staan gekom het. Hy dreig met revolusie, geweld en bloedvergieting. En die mense juig, gil en swaai die swastika-vlag.

In gedigte word dié gewese polisieman - wat die AWB in 1973 in 'n garage op Heidelberg gestig het - besing as Godsman, Volksman, Vaderlander.

Dit is die Eugene Terre'Blanche van Februarie 1986 wat oor die Bloedrivier-laer kyk en bewoë mymer: "Hierdie plek is groter as ons almal. Vir dié grond sterf ek."

## Hartland

Drie en 'n half jaar later. Die hoofleier spreek 'n vergadering toe op Krugersdorp, hartland van die AWB. Daar is tientalle leë sitplekke in die Eeufeessaal. Op die verhoog sit 'n ry nuwe leiersgesigte.

Die Groot Orator is aan die woord: "Vlokkie, jou klokkie het gelui. Suster Agnes Malan: jou ou papbroek!"

Hy steek 'n oomblik vas. 'n Man in kakieklere reg voor die verhoog spring op, begin hande klap, en kyk vir die gehoor. Klap, klap, klap val die res in. Hy sê iets van as 'n mens al die stories oor hom moes glo, hy 'n harem en 'n drankkelder moes besit. Die mense giggel.

Die veggeneraal lyk oorlogsmoeg.

Sy vernaamste adjudante het immers die ark verlaat. Daar was gerugte van drank, vroue en vuisslanery. Die staat het hom in 'n hofsaak probeer vastrek.

Lede verlaat die AWB glo in hul duisendtalle en daar is ernstige geldelike probleme.

En nou dreig 'n hernieude skeuring met sy begeerte om ook in die groen kussings van die parlement te gaan sit.

Kortweg: Die regse stuurman wat die saak van die ware Afrikaner drywend moes kry, se ark het op die rotse geloop.

Kenners meen sy skielike begeerte om parlement toe te gaan, is 'n aanduiding van sy dalende steun en sy gebrekkige finansiële posisie. Die kanse is goed dat hy na die verkiesing in die vergetelheid sal verdwyn.

Op 21 Januarie vanjaar het Terre'Blanche by 'n geslote hoofraadsvergadering ná die Paardekraal-voorval in Pretoria gesê dat hy van sy belangrikste adjudante uit die party geskors het omdat hulle onder meer daarop aangedring het dat die AWB aan die komende verkiesing moet deelneem.

Hy het gesê: "Vroeg in November verlede jaar het prof Alkmaar Swart na my toe gekom en gesê: gee vir my die Blanke Volkstaatparty dat ek met hom kan loop. Ek gaan hom aktiveer.

"Ek draai om en sê: Teen Treurnicht, en hy sê ja. Ek sê ek pleit vir eenheid en julle wil my party gebruik om in die groen parlementskussings te gaan staan. Nee! En ek loop. Hy wil party maak van die AWB."

## Rustenburg

Dit is die einste ver-regse leier wat verlede week aangekondig het dat hy voornemens is om as onafhanklike kandidaat in die komende verkiesing in Rustenburg te staan. Dít nadat hy die KP herhaaldelik belowe het die AWB sal nie by die partypolitiek betrokke raak nie.

By die einste vergadering het Terre'Blanche gesê hy het onderleier Jan Groenewald en Alkmaar Swart uit die party geskop omdat hy geweier het om aan hul verkiesingseise toe te gee.

Terre'Blanche het by die vergadering in Pretoria gesê die "grootste skok" vir hom was toe Groenewald wou gehad het hulle moet met Andries Treurnicht gaan praat oor setels vir die AWB.

"Ek sê vir hom ek het nie geweet jy wil parlement toe gaan nie. Hoe kan ek vir Treurnicht gaan setels vra? En toe vind Donkerhoek plaas en ek pleit vir eenheid. Toe moes hulle besef het dat ek nie van plan is om die AWB te gebruik om setels af te eis nie. My pleidooi was vir eenheid; u weet mos."

Vandag, ses maande later, het Terre'Blanche sy deuntjie heeltemal verander. Nou pleit hy by Treurnicht om nie 'n KP-kandidaat teen hom in Rustenburg te stel nie.

En nie omdat hy die AWB by die politiek wil betrek nie, maar bloot om Rustenburg in die parlement te gaan verteenwoordig.

Of hy vir die parlement mag staan, is natuurlik 'n heeltemal ander saak. Prof Marinus Wiechers, kenner van die konstitusionele reg aan Unisa, meen Terre'Blanche se kriminele oortreding - hy in 1983 agtien maande tronkstraf opgelê weens die onwettige besit van vuurwapens - diskwalifiseer hom. Die vonnis is vir vyf jaar opgeskort.

Die grondwet bepaal dat iemand onbevoeg is om as lid van die parlement verkies of benoem te word as hy tronkstraf vir 'n tydperk van minstens twaalf maande opgelê is, tensy die tronkstraf minstens vyf jaar vóór sy verkiesing verstryk het.

Die dispuut draai rondom die vraag wanneer die vyf jaar rehabilitasietydperk in werking tree: die oomblik toe hy gevonnis is, of ná die verstryking van die agtien maande tronkstraf.

'n Revolusie in die kleine broei al weer in die binnekringe van die AWB oor Terre'Blanche se verkiesingsdeelname. Twee van sy grootste vertrouelinge in die leierstruktuur, Willie Olivier en Chris Beyers, beskuldig hom van persoonlike ambisie wat hy met geld van die AWB en ten koste van Afrikaner-eenheid wil bevredig.

## Eie gewin

"Die AWB en Terre'Blanche is besig om te verkrummel. Sy leier se deelname aan die verkiesing is bloot net 'n poging om verlore aansien te probeer herwin. Hy gaan na die verkiesing geen faktor meer in die regse politiek wees nie."

Só meen Dries Alberts, gewese publisiteitshoof van die AWB en 'n man wat eens baie na aan Terre'Blanche beweeg het.

"Terre'Blanche se steun daal daagliks en hy en die AWB het finansiële probleme. Hulle skuld byvoorbeeld hul drukker tien duisende rande wat hulle nie kan betaal nie. Ek dink die man doen dit vir eie finansiële gewin. Dis mos baie makliker as die staat in die toekoms sy salaris betaal," sê Alberts.

Hy sê hy kry nog daagliks oproepe van ontevrede AWB-lede wat uit die beweging wegbreek. Hy meen hul steun kan nou die helfte wees wat dit voorheen was.

"Ná Paardekraal is die elite van die AWB weg. Dit was ook die mense wat geld gegee het. Terre'Blanche weet as hy nie nou iets ingrypends doen nie, is dit verby met hom.

"Hy dink hy kan werklik Rustenburg wen omdat baie KP's vir hom sal stem. Al wat hy gaan doen, is om die regse stem te verdeel. In die proses kan die AWB weer skeur, hy gaan 'n nog groter verloorder wees as die KP klaar is met hom.


"Daar is nog net 'n paar kreupeles in sy beweging oor. Dis 'n siek situasie waar die leier en onderleier van 'n beweging ernstige probleme het," sê Alberts, verwysende na die nuwe onderleier, Ernie van der Westhuizen, 'n oud-predikant.

Prof Hennie Kotzé, hoof van politieke wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch, meen Terre'Blanche het 'n baie gewaagde stap geneem.


"Dit is duidelik dat hy isolasie binne die regse politiek wil verhoed. As hy egter dié setel verloor, is sy politieke lig uit," sê Kotzé.

Hy sê die mens Eugene Terre'Blanche het homself vernietig. Hy het alle "gematigdes" en ordentlikes binne die AWB met sy gedrag van hom af weggestoot. In die proses het hy ook die KP vervreem en homself in die regse politiek geïsoleer.

"Ek dink boonop is die KP verheug hieroor. Die KP het nie Terre'Blanche nodig nie, want AWB-lede stem in elk geval vir die KP," sê Kotzé.



# Joego-Slawië: in die skadu van die Rooi Reuse



**Die veranderings en opstande in die Sowjet-Unie en China geniet wye dekking in die media, maar in die skadu van dié twee reuse gaan Joego-Slawië gebuk onder ekonomiese en politieke probleme. Soos in Pole is die kommunistiese leierskap besig om te verbrokkel en ontevredenheid onder die bevolking aan 't toeneem. JURIE VAN DER WALT doen verslag uit Zagreb, Joego-Slawië**

TERWYL die twee kommunistiese magsblokke - die Sowjet-Unie en China - gebuk gaan onder ekonomiese en politieke veranderings, en fyn dopgehou word deur die internasionale gemeenskap, is daar gebeure in klein Joego-Slawië wat ongesiens verbygaan.

Tog is die veranderings in dié sosialistiese Balkanstaat ewe belangrik omdat dit op 'n heel ander manier geskied.

Onder pres Mikhail Gorbatsjof se perestroika-beleid is politieke en ekonomiese veranderings in die Sowjet-Unie te danke aan staatsinisiatief. Ook in China is die ekonomiese verandering aan die leierskap van die Kommunistiese Party te danke.

Maar in Joego-Slawië word verandering geïnisieer deur intellektuele en openbare mening - ondanks die Sowjet-leierskap. Daar word na dié situasie verwys as "Revolusie van onder".

Sedert die dood van Joego-Slawië se eerste president, Josip Broz Tito in 1980, het die Kommunistiese Party se houvas op die land verslap. Die ses federale republieke en twee selfstandige provinsies het meer onafhanklik geraak van die federale regering in Belgrado - nie net wat politieke besluite en standpunte betref nie, maar ook op ekonomiese gebied. Die gevolg is dat die federale regering in die Joego-Slaafse hoofstad so te sê lamgelê is en dat die republieke en provinsies meer vryheid geniet.

Al hoe meer lede van die Kommunistiese Party bedank - 'n teken dat ondersteuning vir die party aan die afneem is. Die "drosters" - die meeste van hulle intellektuele en ontnugterde jongmense - sê dit is sinloos om as partylede aan te bly, want die Party is magteloos en nie meer in die posisie om die eko-nomiese probleme van die land sinryk aan te spreek nie.

Die verswakking van die Kommunistiese Party in Joego-Slawië het daartoe gelei dat baie opposisiepartye in verskillende dele van die land tot stand gekom het om 'n alternatief te vorm vir die "ondoeltreffende" regerende Kommunistiese Party. Die Sosialistiese Party, die Sosialistiese Liberale Party en die Joego-Slaafse Demokratiese Inisiatief is onder meer van die aktiewe opposisiepartye.

Die Joego-Slaafse pers geniet nou ook groter vryheid en lewer verslag oor die politieke en ekonomiese kwelpunte in die land.

Die vinnige veranderings in buurstate soos Pole en Hongarye het ook die Joego-Slaafse bevolking beïnvloed in hul strewe na 'n Westerse demokrasie.

Die buitelandse pers berig dat Solidariteit se oorweldigende oorwinning oor die regerende Kommuniste "die gesig van Europa verander het" - 'n effek wat die Joego-Slaafse werkers een of ander tyd gaan bereik.

Ten grondslag van die Joego-Slaafse interne krisis is 'n hele klomp ekonomiese probleme. Met 'n inflasiekoers van 600 persent, en wat na verwagting sal styg tot 1 000 persent voor die einde van die jaar is dit duidelik dat die owerhede met 'n probleem sit wat maklik kan lei tot gewelddadige opstand onder die algemene publiek - veral in die baie arm suidelike provinsies van Kosovo en Voivodina.

Die Joego-Slaafse geldeenheid, die dinar, is waardeloos en 'n nuwe 100 000 dinarnoot is 'n paar weke gelede uitgereik. Sekere ondernemings oorweeg dit om salarisse twee maal per maand uit te betaal om sodoende die effek van inflasie op die geldwaarde te verminder.

Die ekonomiese krisis het sosiale onrus tot gevolg gehad en verlede jaar is Joego-Slawië geteister deur meer as 1 200 stakings. Die stakers het aangedring op hoër salarisse. Ondanks 'n reeks van salarisverhogings - en die druk van meer waardelose geld - is ontevredenheid aan die toeneem.

Pryse van goedere het verlede maand met 23,4 persent toegeneem en dit dra ook by tot die ontevredenheid.

Joego-Slawië se buitelandse skuld beloop 21 biljoen Amerikaanse dollar, en terugbetaling aan krediteurs, wat meer as 600 banke in twaalf lande insluit, is besig om agterstallig te raak.

Die jongste ekonomiese aanwysers het druk op die Joego-Slaafse eerste minister Ante Markovic geplaas om 'n anti-inflasieprogram af te kondig. Tot dusver was sy mening dat 'n spesiale program nie nodig is nie en het hy eerder voortgegaan met sy ambisieuse deregulasieprogram.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) dring aan op strenger maatreëls wat sal behels dat die werkers se lewenstandaarde verlaag moet word. 'n Stap wat die kruitvat net dalk kan laat ontplof.

Die owerhede oorweeg dit nie om pryse of lone te bevries nie - waarskynlik omdat hulle die politieke gevolge daarvan vrees. Markovic sê hy hoop die IMF aanvaar dit so.

Dit wil egter voorkom of Joego-Slawië nog nie gereed is om die Weste se advies - "vertrou op ekonomiese hervorming, politieke hervorming sal volg" - ter harte te neem nie. Dit is omdat die politieke gevolge van ingrypende ekonomiese maatreëls te veel sal wees vir die wankelende regerende Kommunistiese Party in Belgrado.

In die verband sal die eerlikheid van die Westerse regerings eers op die proef gestel word wanneer die logika van perestroike en ekonomiese verandering in die Oos-Europese lande - soos Joego-Slawië - in konflik kom met die imperatief van politieke demokratisering.

Die skermutseling kan dalk binnekort plaasvind. Die Belgrado-leiers wil weet wat sal gebeur as strenger maatreëls en groter industriële herstrukturering ernstige opposisie onder werkers en die gemeenskap uitlok? Met ander woorde, as die staat toeslaan op die ontevrede protesteerders, aan wie se kant sal die Weste wees? Sal die Weste 'n hoër premie plaas op die beveiliging van ekonomiese herstrukturering, selfs al plaas dit sosiale en politieke verandering in die weegskaal?

Bo en behalwe Joego-Slawië se ekonomiese benardheid, heers daar 'n plofbare situasie in die Kosovo-provinsie op die suidelike grens van Albanië. Kosovo was in 1981 - 'n jaar ná Tito se dood - in die nuus. Gevegte het uitgebreek tussen Joego-Slaafse Albaniërs - wat vier vyfdes van die provinsie se bevolking uitmaak - en die Serbiërs, wat 14 persent van die bevolking uitmaak

Die Albaniërs eis dat Kosovo, 'n outonome provinsie binne die republiek van Serbië, republiekstatus moet verkry. Die eis is verwerp.

Die Serbiese minderheid sê daar word teen hulle gediskrimineer, hulle word geïntimideer en aangerand deur plaaslike Albaniërs. Die aantygings dat die Albaniërs die Serbe terroriseer het tot gevolg gehad dat duisende Serbe die provinsie verlaat het. Dit het ook gelei tot die grootste betoging in die Joego-Slaafse geskiedenis.

Die Albaniërs dring aan op 'n "etniese skoon" Kosovo wat baie herinner aan die regse groepe in Suid-Afrika se eise. Die situasie in Kosovo dien as voorbeeld van die onenigheid wat heers in die res van Joego-Slawië.

Die ontevredenheid tussen die provinsies is aan die toeneem, en dit wil voorkom of die leierskap in die land besig is om te verbrokkel. Geen wonder nie dat die meeste van Joego-Slawië se 24 miljoen inwoners begin vra of die land sy probleme sal oorkom. - ANO

WOODMEAD SCHOOL

requires the services of Mathematics Teachers for Stds 6 - 10 (2 posts)

TEMPORARY POST: SEPT - DEC 1989
PERMANENT POST: FROM JAN 1990

Preferably able to teach Additional Mathematics as well.

Woodmead School is an independent, non-racial, co-educational, progressive school, situated between Johannesburg and Pretoria.

HUMANITAS

Send application, with full CV, to:
THE HEADMASTER
PO BOX 68068
BRYANSTON 2021
or telephone (011) 708 1849 for further information

JODAC

Politieke Debat

UDF

DIE MENSE SAL REGEER- keuses vir 'n regering in 'n post-apartheid samelewing

Spreker: Firoz Cachalia
Publieke sekretaris TIC
Almal is welkom.
Versnaperings sal na die tyd bedien word
Datum: Maandag 26 Junie
Tyd: 7.30nm
Plek: Congregational Church
De Kortestraat 75, Braamfontein

UNIVERSITEIT RHODES

PH D IN PSIGOTERAPIE:

Die Departement Sielkunde bied 'n voltydse tweejarige doktorale kursus in Psigoterapie aan. Hierdie kursus is die enigste van sy soort in Suid-Afrika en is oop vir gekwalifiseerde kliniese Sielkundiges.

Die doel is om studente se kennis te verdiep deur praktyk en teorie te integreer en dit behels intensiewe onderrig asook 'n tesis.

Tot dusver het twee studente gegradueer en drie het in 1989 geregistreer.

Verdere inligting kan van Professor Dreyer Kruger van die Departement Sielkunde, Universiteit Rhodes, Grahamstad by telefoon (0461) 22023 verkry word.
Aansoeke vir die 1990-inname sluit op 15 Julie 1989

# Wat jy saai, sal jy maai...

DIE gatomswaai van die dekade. Dit is al hoe 'n mens die Nasionale Party-establishment se ingrypende houdingsverandering jeens PW Botha kan bestempel. Dit is niks anders as skandelik nie.

Einde verlede jaar nog was die agbare staatspresident die Groot Volksheld, die Super-Staatsman, die Vader van die Volk. Ses maande later is hy teiken nommer een vir al wat skinderbek is in die Nasionale Pers (was daar iemand wat 'n groter helde-verering vir PW gehad het as hulle?), die SAUK en die party-organisasie. Diplomate en sakelui staan verstom oor hoe openlik kabinetsministers deesdae op onthale oor PW skinder en hom uitmaak as 'n mal ou man.

Dan is dit mos vals om nou 'n duur banket vir die man te hou om hom te "vereer". Dink hulle hy weet nie hoe sy eie mense hom beswadder nie?

Dís mos hoekom die oubaas weier om die Pretoriase feestelikheid by te woon!

* Brolloks reken al lankal die Nattes is soos 'n klomp hiënas.

## Onthou julle vir oom John?

Nie dat Brolloks nou eintlik simpatie het met PW Botha nie. Of ooit gehad het nie.

Boonop onthou Brolloks nog goed wat dieselfde PW met sy voorganger, John Vorster, gemaak het. Hy het hom uitgewerk en verneder met 'n meedoënloosheid wat FW laat lyk soos 'n kinderkrans-seuntjie. Oom John is dood as 'n bitter man.

Nog 'n minister wat vandag geen simpatie het met PW nie is Lourens Muller. PW het hom destyds in die grond in getrap. En dan is daar natuurlik Alwyn Schlebusch...

* Wat jy saai, sal jy maai...

## Geraamtes in die kas op Matieland

Die Nusas-voorsitter op Stellenbosch, Leslee Durr, word vir die res van die jaar van die universiteit geskors deur die Universiteitsraad se tugkomitee omdat sy aan 'n protesoptog deelgeneem het.

Toe krabbel die owerhede terug, hef dit op vir 'n herverhoor, en erken so half implisiet dat die eerste verhoor nie heeltemal so regverdig was nie.

En wie het haar help skors?

Die grootbaas van die KWV, Ritzema de la Bat, het op die Tugkomitee gesit en was glo ten gunste van streng optrede.

Die einste Ritz se seun, JS de la Bat, het snaaks genoeg so drie jaar gelede ook voor die Tugkomitee verskyn.

Nadat 'n artikel in Die Matie verskyn het oor doop-wanpraktyke by die Wilgenhof-koshuis, het klein JS en ses van sy mede-Wilgenhoffers besluit vryheid van spraak gaan net sover en nie verder nie.

Hulle loop haal toe die verslaggewer wat sy werk gedoen het, Chris Barnard, uit sy kamer in Eendrag in die middel van die nag, vat hom geblinddoek Coetzenburg toe, rand hom aan, sny sy hare af en teer-en-veer hom.

Die skuldiges is vasgetrek en het voor die Tugkomitee verskyn, wat, so glo hulle, reg laat geskied: Die geweldenaars word nou wel nie van die universiteit geskors nie, maar wel uit hul geliefde Wilgenhof.

Ná 'n appèl na die Universiteitsraad word die straf versag, en na 'n bietjie meer as drie maande is die oortreders weer terug in die koshuis.

Dubbele standaarde?

Maar die De la Bat-appeltjie val skynbaar nie ver van die boom nie.

Ritzema was self op sy dag 'n inwoner van Wilgenhof. In 1958 was hy 'n vierdejaarstudent.

Op 'n Vrydagoggend kom Ritz in die eetsaal, reg vir ontbyt, en vind uit dat die kok, Jeremia Olifant, nie genoeg eiers gaargemaak het nie.

Ritz dreig hom toe dat hy hom sal regsien as dit weer gebeur - 'n man kan darem nie laat wees vir klas omdat jy moes wag vir ontbyt nie.

Die volgende aand beveel De la Bat vir Jeremia Olifant om na sy kamer te gaan.

Daar aangekom, wag vyf van De la Bat se trawante al en Ritzema sê: "Jeremia, ons gaan jou opdonner voor ons jou in die pad druk."

Wat hulle toe ook doen - die ander manne hou vir Olifant vas terwyl De la Bat hom met 'n rottang bykom.

Die probleem is dat Olifant toe 'n klag gaan lê het, en De la Bat - wat deur die regter as die leier van die groep beskryf is - en sy trawante word skuldig bevind aan aanranding.

En vir die wat nie wil glo nie, laat hulle lees: Staat teen De la Bat en Ander, opgeteken in die Suid-Afrikaanse Hofverslae, 1959(3)75(CPD).

* Is dit nou die mense wat op 'n tugkomitee sit en besluit om 'n student te skors vir vreedsame protes? Die owerhede kon nie juis anders as om vir 'n nuwe, regverdige verhoor te skik nie!

## Sakkie: die ware rede

Skinderstorie van die week: Brolloks verneem op gesag dat die uitskop van Sakkie Burger as hoof van die SAUK se nuus eintlik 'n oulike stukkie manipulasie van die SAUK-base was.

Want sien, Sakkie is nie regtig uitgeskop omdat PW hom ateljee toe gebel het met voorverlede jaar se algemene verkiesing nie. Daar is 'n ander rede - en die geswore verklarings daaroor is glo met kruiwaens weggery.

* Maar die SAUK-base was heel tevrede toe almal dink dis die rede. Want só raak hulle toe maklik van Sakkie ontslae én kom vir PW by!

## Nimlike Carel

Meegaande foto is van einste Sakkie se opvolger, Carel van der Merwe.

**Die gesig van die toekoms**



* Brolloks sou ook so gelyk het as hy dié joppie gehad het!

## Pretoria, o Pretoria

Pretoria behoort die leiding te gee op die pad na 'n nuwe, post-apartheid Suid-Afrika, sê die UDF se Titus Mofala dié week aan 'n Idasa-vergadering, want dit is immers die hoofstad van die land!

* Hoe lyk dit, Snor City?

## Maak nie saak watter soort nie

Dieselfde Mofala vertel van die man wat op 'n vliegtuig terug huis toe 'n boek met die titel "Anti-communism" sit en lees. Die man langs hom sê toe hy mag dié boek beslis nie in Suid-Afrika inbring nie.

Hoekom nie, vra die boekleser, dit gaan dan oor anti-kommunisme?

Antwoord sy buurman: In Suid-Afrika maak dit nie saak watter soort kommunisme dit is nie, kommunisme is kommunisme...

## 'n Blik na onder

'n Vriend wat in die VSA geswot het, vertel nou die dag vir Brolloks van die jaarlikse makietie wat al die SA bannelinge daar hou. So 'n jaar of twee gelede kom hulle in 'n koshuis by die Universiteit van Colorado, op die derde vloer, bymekaar. Soos dit gaan by dié soort van geleenthede, is daar groot geween en gekners van tande oor die vaderland, omdat die teenwoordiges meestal aan 'n sekere verbode organisasie behoort, erg bruingebrand is, en nie mag teruggaan huis toe nie.

Een van die ouens begin toe uitvaar oor Afrikaans wat die taal van die onderdrukker is en so aan, en hoedat hy weier om die taal te praat.

* Die res van die mense, wat toevallig oorwegend Afrikaanssprekend was, het glo laataand só kwaad geword dat hulle die ou aan sy voete by die derde verdieping uitgehang het totdat hy om verskoning gevra het!

# Messias moet ook parlement toe

SPARE a thought, geliefdes, vir die stomme ET. Waar hierdie inspirerende voorletters eens gestaan het vir Ekstra Tough, kan hulle nou seker nie veel meer beduie as Effens Toiingrig nie.

Voorwaar, Egbertus sê vir julle, die enigste aspek omtrent die wêreld se enigste ware Afrikaner wat die gedagtes nog gaande kan hê, is die toeval van sy naam. Terre'Blanche - wit grondgebied. Of is dié dalk ook 'n namaaksel? Want namaaksel moet die vent mos wees, daar kan tog nie regtig so iets wees nie. Daar staan dit swetend en skuimend voor die mikrofone en basuin uitwaanse ultimatums aan al wat leef.

Die tyd het gekom, glo, dat dit moet parlement toe, na die laaste wit parlement. I have news for you, broeder: die parlement is nou nie wat hy moet wees nie, maar wit is hy al lankal nie meer nie. Maar nuus trek stadig as hy met die ossewa vervoer word, en 'n mens het begrip. Wat so imponeer, is die gevoelente wat die broeder blykbaar aan sy broekspype het (wanneer hy hulle die slag aan het), of in sy smeulende ingewande: die tyd het gekom dat die messias na die parlement gaan, om die volk uit Egipteland te lei, no doubt.

Die eiewaan is oorstelpend. Of kan dit waansin wees? Hou in gedagte dat die kêrel homself as die volksredding beskou, hy met sy persoonlike aantreklikheid (vra maar die Sunday Times), hy met sy gevolg.

Bedoel hy dit werklik, dan is dit mos 'n soort waansin. Bedoel hy dit nie, is dit slenter.

Luister net na sy toesprake: wanneer hy die woorde "geagte meneer die voorsitter" uiter, bereik hy 'n crescendo. Dis so duidelik dat hy nie 'n clue het wat werklik tot die gehoor moet spreek nie. Dit wys mos net hoe onsinnig die geskreeu is. Full of sound and fury, signifying nothing. Die man se bluff is erger as sy byt.

Wat eens pretensies gehad het om 'n leeu van die noorde te wees, is nou gereduseer tot die ruspe van Rustenburg wat moet smeek om 'n veilige setel. Shame.


Veilige setels vir die KP en ander opposisie gaan nie te moeilik wees om te bekom nie, lyk dit my. Die Party is op die afdraande pad, and not a moment too soon.

Die getroue ou SAUK probeer nog sy uiterste bes om te red wat te redde is, maar dit gaan broekskeur. Madam de Klerk se man kry nou splinternuwe billing, noudat die verkiesingswiele van die stadige ou Party uiteindelik ook aan die rol raak.

Onlangs was hy nog die "Minister (na bewering) van Dit of Dat" (wie weet tog, and who cares?). Toe begin hy die "Minister van Dit of Dat en leier van die NP" word. En nou? Nou's dit volskaalse electioneering: "Madam de Klerk se man, leier van die NP, gaan vir Miesies Thatcher kuier". All's fair in love and war, en al is dit nou nie oorlog nie, is die SAUK se liefde vir die Party darem bo verdenking.

## Chinese Checkers

Die nagtelikse hantering van die Chinese Checkers op TV is darem ook 'n eye-opener. So 'n blikkie op die Party se psige. Kyk, dis darem onhebbelik, ondemokraties en verdomp tipies van die spul kommuniste, honorary whites of te nie, om die afgelope week elf dissidents sommer so sonder verhoor aan te hou.




Egbertus Klaagvoort

Wys jou jy kan die mense nie vertrou nie, of hoe? Selfs die kampusse word deur die polisie betree en met traanrook bestook, geen respek vir private eiendom nie, nog 'n uitvloeisel van die kommunisme. So iets sal jy natuurlik nooit by 'n demokratiese, kapitalistiese, Christelike regering kry nie.

Die dertig duisend aangehoudenes wat soos 'n wors deur die gestel van ons tronke is, sonder verhoor, omdat hulle dissidente was, en die beleg van ons kampusse kan immers nie vergelyk word nie: dis anders.

## Swanesang in Moddergat

Sappige nuus uit Moddergat, kiesafdeling van die Cicero van die Suider-Afrikaanse politiek. Word gesê dat daar koorsagtig gewiel en gediel word om te voorkom dat die NP stemme aan die DP afstaan.

Manne, as julle nie teen Magnus staan nie, sal ons nie in Sandton teen julle staan nie, so lui die berigte. Furious and eloquent denials van ons bekendste ex-generaal. Die Party sal mos nooit so 'n ding doen nie, hulle gaan nog die verkiesing wen sonder die DP se hulp, kyk, ek sal julle wys.

Come off it, minister, natuurlik is julle oop vir 'n deal. En soos die geskiedenis tot julle verleentheid sal wys en aanhou wys: as 'n deal miskien nie die regte medisyne is nie, is daar altyd stembriefies om te dokter. Maar dis darem seker nie in die Moddergat-repertoire nie. Kan daar dalk 'n swanesang in Moddergat plaasvind?

## Election scoop

Soos 'n Biskop Tutu, of Naas Botha. Eers was dit 'n geflikflooiery by die Verantwoordelike Swart Leiers (lees: dié wat nie teëpraat as die witbaas spreek nie). Van party van hulle het ons selfs al gehoor en weet julle wat, party praat toe jou wragtag teë. Jy kan ook op niemand meer reken nie.

Iedergeval, as dit nou nie vir jou 'n election scoop was nie, probeer dan dié een: nou gaan dit glo Europa op horings neem. Net om te wys Stoffel Both het nog nie elke landsburger se paspoort bygekom nie, hier en daar kan enetjie darem nog reis. En dis ook prysenswaardig, dink julle nie, dat iemand uit Europa nog met 'n lid van die Party sal praat. Al sê hulle dan ook net: weg is jy, muishond, en ruk jou huis reg.

Vir die punch-drunk stemvee lyk dit na nog 'n scoop. Maar hoe lyk dit dan of Madam de Klerk se man die plaaslike kiesafdeling vermy? Kan dit wees dat hy iets het wat hy wil wegsteek?

## Marsman

'n Man van Mars vra nou die dag vir Miesies Klaagvoort hoekom dit is dat ons Volkshelde almal 'n W in hulle name het - PW, FW... Nee, seg die intrepid boorling, dis verpligtend. Sien, hulle dra nog die ou groen identiteitskaartjie, en daarin word jou ras meer ooglopend aangegee as deesdae. W staan vir Wit, en jy kan nie president word as jy nie Witter as die driven snow is nie, maak nie saak wat Pik sê nie. Die arme siel is met groot verbasing terug na sy rooi gat.

## Die klit kwyt

Intussen het Mike the Knife, Vrieskoei onder die heilige beeste van Stellenbosch, die klit heeltemaal kwytgeraak.

By implikasie erken hy nou dat Mies Durr se skorsing onregverdig was.

En by implikasie is die verbod op protesoptogte ook nie te kosjer nie. Konsternasie op die stasie; bek-en-klouseer onder die heilige koeie.

geweet.

Na dié "vergadering" het die dokter nog nooit weer op Northam sy verskyning gemaak nie, en daag ek hom om aan my te skryf sodat ek kan uitvind wat hy gedoen het. Ek vertrou u sal my brief plaas want ek wil dit nie in die KP-koerant laat plaas nie.

## Encore Rozanne!

**Ednacois Labuschumhof van Bellville skryf:**

Aangesien ons onder die sterreteken Weegskaal gebore is, het ons met groot belangstelling me Rozanne Botha se debutbundel Libra, aangeskaf en oopgeslaan.

Hoewel 'n liberale vriendin van ons, wat Vrye Weekblad lees, ons gemaan het om nie die bundel te koop nie, is ons baie bly dat ons dit wel gedoen het. Die rype deurdagtigheid van die kort prosastukke het ons tot diepe nadenke gestem. Kan dit wees dat die persone wat so daarteen kapsie gemaak het in die pers en in hul private wonings, bloot nie verstaan het dat me Botha dié skynbaar eenvoudige aanbiedingswyse gekies het om haar boodskap des te meer treffend oor te dra nie? Ons vermoed dat velerlei "kritikasters" deur politieke oogmerke beweeg is tot die kleinlike smeerveldtog.

Die bundel is natuurlik nie sonder foute nie - aangesien die titel Libra is, illustreer Rozanne juis die dualiteit van die moderne samelewing - in selfs die mees deurdagte entiteit skuil die sade van die oersonde. En wat die ligte aanslag betref - hoekom moet 'n mens dan altyd op die negatiewe dwaal? Is ons maatskaplike bestel nie somber genoeg nie? Dieselfde mense wat dié bundeltjie kras veroordeel, is seker dié wat teen Bles Bridges gekant is omdat hy vrolike musiek maak!!!

Aan Rozanne wil ons net sê baie geluk met so 'n toetrede tot die literêre wêreld, en dankie vir die vele insigte waartoe sy ons gelei het. Encore!

## Niereenheid blo oop

**Dr Adrian Kark, Hoof van die Departement Interne Geneeskunde en Niereenheid by die JG Strijdom-hospitaal skryf:**

Ek het u artikel "Eie Sake se doodsvonnis" (Vrye Weekblad 9/6/89) met belangstelling gelees, hoewel die trant van die artikel in verhou-

*Vanaf bladsy 14*

ding tot die Niereenheid, die verkeerde indruk skep.

'n Belangrike gedeelte van die Niereenheid se funksie is die dialise program, waar die lewe en gesondheid van die pasiënte met gevorderde nierkwale met behulp van kunsmatige lewensmiddele gehandhaaf word.

Die afdeling van die Niereenheid sal NIE sluit nie en GEEN pasiënt op dialise sal as gevolg van 'n tekort aan sorg, sterf nie.

Tans is dit NIE ons idee om enige pasiënt op haemodialise oor te plaas nie, hoewel pasiënte op 'n alternatiewe vorm van dialise, naamlik peritoneale dialise miskien mag. Laasgenoemde groep is klein in getal en ons voorsien geen probleem om hulle elders geakkommodeer te kry nie. Ek wil graag u aandag vestig op die foutiewe stellings om sodoende ons pasiënte verdere onsteltenis te spaar.

## Amnestie-lid skryf

**M Servais of St Georges, Belgium writes:**

I am sending a copy of the following letter to the Honourable HG Coetzee, Minister of Justice in your country. I have thought it was important to inform you of my opinion about the problems of restriction orders in South Africa.

Your Excellency,

I am writing to you as a member of Amnesty International who works throughout the world for the release of prisoners of conscience, for the fair trial of all political prisoners and against torture and the death penalty.

Amnesty International is actually concerned about the imposition of restriction orders on people in South Africa, many of whom, after long periods of detention, have been released unchanged.

I really think that the restrictions placed on the freedom of movement, association and expression of people who have not been charged with any crime are a violation of international standards.

I feel especially concerned about the case of Mrs Jabulisile Tryphina Mhlungu (held in 1988 in Newcastle Prison in Natal) because the severe restrictions imposed to this mother of seven children have prevented her from resuming employment.

I respectfully ask you for the immediate and unconditional withdrawal of the restriction order imposed to Mrs Mhlungu, whom Amnesty International considers to be a prisoner of conscience deprived by the restrictions of her right to freedom of movement, association and expression.

I wish that individuals who are suspected by the authorities of endangering the safety of the public, the maintenance of public order or the termination of the state of emergency, should be charged with a recognizably criminal offence and brought promptly to trial in open courts where they can have an opportunity to know the particular allegations against them and give their response to those allegations.

I would finally appeal to you and to all the authorities of your country to end the practice of imposing restriction orders, and to remove the restrictions imposed on anyone who is not to be charged with a recognizable criminal offence and brought promptly to trial.

I thank you very much for the attention you have paid to this request and for the favourable issue, I hope, you will give it.

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## Persoonlik

Nommer Een - Jy's 'n Charteris in die ware sin van die woord - elf jaar kort, maar dis OK. Nommer Vyf

Die Takhare vir Vrede sê moenie bang wees vir geweld nie

## Woonplek

Onafhanklike, stil persoon (verkieslik homoseksuele man) gesoek om 'n huis in Bezuidenhoudvallei met een ander persoon te deel. R350 (huur, elektrisiteit en skoonmaakdiens ingesluit). Skakel (011) 614 2989 na-ure

Soek huis om te koop: 3-4 slaapkamers met dubbel geriewe in die omgewing van Weltevredenpark of Kloofendal. Kantoorure (011) 726 5885. Na-ure (011) 475 2329. Geen Agente

## Dienste

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplig navrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

**Bondbuster. Is jou verband besig om jou dood te maak? Betaal jou grootste skuld af in die helfte van die tyd. Jou verband kán afbetaal word - gouer as wat jy dink. Vir verdere inligting bel Rhys Bridger by tel (011) 792 2693 (w) of (011) 792 2136 (h)**

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Bel tel: (011) 724 0784

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

## Gebeure

!Klinknael Nooddienste sê Dè! met groot geraas by die Black Sun, Orange Grove 10.30nm 24, 27, 29 Junie en 1 Julie

The Workshop "Appreciating Contemporary South African Theatre" starts July 6th at the Centre for Continuing Education at Wits. Enq (011) 716 5509/ 5510

Die US Information Service wys "We the People: Who's in Charge?" om 1nm Woensdag 28 Junie. U word uitgenooi om u wegneemete saam te bring na die vertoning by die USIS-ouditorium, 3e Vloer, African Life Centre, Commissionerstraat 111, Johannesburg. Navrae (011) 29 3451

Die Wilma Stockenström-klub vergader Maandagoggend voor Pretoria-Sentraal om die koppe te tel

Vrye Weekblad se telefoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 836 2151 en die faksnommer 838 5901

## Mark

Te koop: draagbare elektriese Olivetti-tikmasjien. R400. Skakel (011) 487 1239

Vriendelike jong meisie soek 'n jong Staffiebullterriër. Verkieslik 'n teef. Skakel (011) 487-1239 na ure

Twee klein Maltese poedeltjies, 6 weke oud, R60 elk. (011) 802 4871





**SIT HAND BY*LAAT DIE POPPE DANS**
***SPESIALE AANBOD**
Unieke Hand-gemaakte Porselien Handskoen Poppies vir R32 elk/Volledige stel (4) net R120 Stuur tjek/ poswissel na **PEOPLE'S PUPPETS**, Posbus 232, Judith's Paarl 2045 (2 - 4 weke vir aflewering) Dui aan (a) PIK (b) TUTU (c) P.W. (d) WINNIE Ons maak ook U gunsteling karakter **VOLGENDE: DE KLERK**

Kashgar

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**


Soek dringend baas: Kelvinator-80 vrieskas (regop) R300. 5-sitplek sitkamerstel (bruin, roes en room) R350. Sunbeam-voedselverwerker R120. (011) 802 2455

Vir Mikro-rekenaars teen die beste pryse asook die beste opvolgdiens, bel vir Paul, Boet of Arrie by PC 2000 (011) 7265885/ 5919

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ....................


Adres: ....................

.................... Poskode: ....................

Telefoon: ....................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

# Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: ....................

Adres: ....................

....................

....................

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/R30



Vrye Weekblad

# Dié span bly maar net 'n droom

OPSTOPPERS deur Nicky Macdonald

JEREMIADES oor hoe vrot isolasie ons rugby gemaak het, is al net so deel van die Suid-Afrikaanse opset as skandalige rassewette en angswekkende inflasiesyfers.

Die vertonings van WP en Noord-Transvaal van die laaste tyd laat 'n mens egter wonder oor sulke doemprofete.

Die Noorde het die vaste vyf, WP die driekwarte en daar's 'n swetterjoel goeie losvoorspelers en skrumskakels.

Die All Blacks, feitlik onbetwiste wêreldkampioene, het Saterdag maar bra ordinêr gelyk teen Galliese flair. Philipe Sella het die All Black-verdediging laat spookdanse doen, en die swart skrum was ook nie so allamagtig soos gerugte dit wou hê nie.

Een of twee keer het John Kirwan balle ontvang waarmee Niel Burger sou gaan druk het, en Faffa Knoetze sou die All Black-senters ore aangesit het. Grant Fox het 'n geleerde stewel, maar anything Grant can do, Naas can do better.

Daar was 'n stadium wat Gerald Bosch as die beste Suid-Afrikaanse losskakel beskou is, 'n stadium wat Klippies Kritzinger Springbok-agsteman gespeel het, en 'n ander era wat Christo Wagenaar en Dirk Froneman die Boksenters was. Isolasie was nie vir die toedrag van sake verantwoordelik nie, ewe min as wat Johan de Bruin sy Springbokklere daaraan te danke gehad het.

Ek het al baie seisoene swakker Curriebekerrugby sit en kyk.

Jy kan deesdae veel sekerder wees van mooi rugby op Loftus of Nuweland as twaalf jaar gelede, toe manne soos Bosch, Blair, Ras en Gerber se sukses met die skoen grotendeels die wenners of verloorders bepaal het.

Maar watter jammerte dat 'n mens nooit die Bokke sal vyftienmanrugby sien speel in Christchurch of die Parc des Princes nie.

My pa het my kleintyd van Otto van Niekerk vertel. "Ongelukkigste man om nooit Springbok te word nie," het hy altyd gesê. En apartheid, 'n langasemsiekte as ek al ooit een gesien het, gaan dalk nog veroorsaak dat ek vir my kinders dieselfde moet sê van Burger, Jan Lock, Knoetze, Heinrich Rogers en Robert du Preez.

Eendag, as daar meer swart gesigte en minder swart pakke in die parlement sit, en ons weer teen die All Blacks speel, sal ons daarmee verlief moet neem dat hulle na hulle spanne van die tagtigerjare as onoorwinlik verwys.

Ons sal weet ons kon so 'n span teen hulle in die veld gestoot het: Heunis, Carel du Plessis, Knoetze, Stewart, Niel Burger, Botha, Du Preez, Rogers, Schmidt, Lock, Burger Geldenhuys, Adri Geldenhuys, Malan, Strauss en Breedt.

Heeltemal goed genoeg vir die beste, of hoe? Al is daar nege Noord-Transvalers en vyf WP-spelers in dié span, is dit geen rede tot kommer nie. Nieu-Seeland se span is op Auckland-spelers gebou. Dis tog nie 'n aanduiding dat ons rugby slegter is as Griekwaland-Wes nie meer Springbokke lewer nie.

Maar as ek dink aan die span, raak ek de moer in omdat dit alles net 'n droom is.

En 'n droom sal bly solank Christie Noble vir Seepunt mag rugby speel, maar nie daar mag woon of vir die plaaslike volksraadslid help stem nie.

## Bok-bok ... het jy Cerinject in jou lyf?

MY WÊRELD!

PARYS - 'n Nuwe behandeling wat die seksuele aptyt van nege uit tien impotente mans herstel, is in Frankryk ontwikkel. Dié behandeling het dié voordeel dat dit pynloos is en maklik toegepas kan word.

Volgens dr Ronald Virag van die Impotensie Navorsingsentrum is die enigste "nadeel" van die behandeling dat ereksies in sommige gevalle so lank kan duur dat pasiënte herstelbehandeling moet ontvang.

Negentig persent van die mans wat behandel is, het 'n oplewing in hulle seksuele aptyt ervaar, het hy gesê. Altesaam 65 persent van die gevalle se natuurlike ereksievermoeëns is verbeter en 15 persent van die pasiënte is heeltemal genees.

Volgens die behandeling moet die pasiënt tien minute voor omgang 'n voorgeskrewe dosis in sy penis inspuit. In die verlede het 'n spuitnaald pasiënte afgeskrik, maar met Cerinject, 'n toestel wat deur die Navorsingsentrum ontwikkel is en wat soos 'n balpuntpen lyk waarin 'n dun naald versteek is, gaan dit makliker.

Al wat die pasiënt moet doen, sê Virag, is om die punt aan een kant van die penis te plaas en die deksel van die buis te druk. Die naald is so fyn dat die pasiënt geen pyn voel nie.

"Die pasiënt kan nie die spuitnaald sien nie, hy kan nie die inspuiting voel nie en daarom is hy nie bang nie," het hy gesê.

Hy sê die lengte van die naald word individueel bepaal sodat dit die spier, wat vir 'n ereksie verantwoordelik is, kan bykom.

Virag sê hoewel die behandeling veilig is, moet die pasiënt tot drie inspuiting per week beperk word, met 'n pouse van ten minste 24 uur tussen elke inspuiting. - AFP

## Motordief geskors uit parlement

NIEU-DELHI - Die polisie het 'n opposisie-parlementslid in hegtenis omdat hy 'n senior regeringsamptenaar se motor in die noordoostelike Assam-staat gesteel het.

Volgens koerantberigte is Gokul Saikia van die opposisie- Assam Gana Parishad-party in hegtenis geneem omdat hy die motor van Nagen Gogoi van die regering se besproeiingsdepartement gesteel het.

Die Assam Gana Parishad-party, wat dié olieryke staat beheer, het die LP geskors.

Saika het die aanklagte in 'n verklaring ontken en gesê dat Gogoi sy toestemming gegee dat hy die motor mag gebruik.

Hy is in hegtenis geneem na Gogoi 'n klag by die polisie in Tezpur in Assam teen hom gelê het. - AFP

## Tuisgemaakte motor vir Kenia

NAIROBI - Die president van Kenia, Daniel Arap Moi, het 'n motorvoertuig-prototipe wat deur universiteitsingenieurs ontwikkel is, en slegs uit Keniaanse onderdele bestaan, bekend gemaak. Hy wou geen verdere besonderhede verstrek nie.

Hy het aan meer as 3 000 afgevaardigdes van die Kenya African National Union (Kanu) gesê dat hy eersdaags hulle toestemming sal vra om geld bymekaar te maak om die voertuig te vervaardig.

"Dit is nou nog 'n geheim, maar ek sal later al die besonderhede aan julle bekend maak," het hy aan die opgewonde afgevaardigdes gesê.

Moi het twee jaar gelede studente van die universiteit uitgedaag om "'n motor te ontwikkel, al kan dit net stadig ry".

Volgens bronne word die voertuig onder streng toesig by 'n militêre basis buite Nairobi gebou. - AFP

## Neptunus dalk deur orkane geteister

WASHINGTON - 'n Donker kol op die planeet Neptunus, wat deur die Voyager 2 ruimteskip ontdek is, is volgens wetenskaplikes 'n stormstelsel met 'n omtrek van bykans 10 000 kilometer.

"Dit is reusagtig," het Edward Stone, 'n fisikus en hoofwetenskaplike van Nasa se Voyager-projek gesê.

Hoewel die Voyager 2 nog te ver was om vas te stel of daar winde in die middel van die kol is, het Stone die kol vergelyk met die rooi kol van Jupiter, waar daar winde van meer as 400 kilometer per uur voorkom.

"Ons kan aanvaar dat dit 'n groot orkaanagtige kol is, soortgelyk aan die groot rooi kol op Jupiter," sê Stone.

Wetenskaplikes is verbaas oor die donker kol omdat daar nog altyd geglo is dat Neptunus nie warm genoeg is om groot storms te genereer nie.

Televisiekameras op die Voyager 2 het die kol reeds in Januarie afgeneem en teen April was die kol duidelik sigbaar.

Op 24 Augustus sal die Voyager 2 5 000 kilometer van die gasagtige planeet wees. Dit is die naaste wat die ruimteskip aan enige van die drie planete wat dit besoek het - Jupiter, Saturnus en Uranus - nog gekom het sedert sy lansering vanaf Kaap Kanaveral in 1977.


Die Voyager twee sal ook binne 40 000 kilometer van Triton, een van Neptunus se bekende mane, kom.

'n Woordvoerder van Nasa, Mary Beth Murrill, sê die Voyager 2 beweeg teen 'n snelheid van 67 000 km per uur beweeg.

Dit is ongeveer 95 miljoen kilometer van Neptunus en 4,28 biljoen kilometer van die aarde af. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika



**President PW Botha** besluit om nie sy afskeidsbanket in Pretoria by te woon nie, en die banket word afgestel nadat meer as 400 uitnodigingskaartjies reeds uitgestuur is. Dit veroorsaak hernieude spanning tussen Botha en die NP-leierskorps.

**FW de Klerk,** hoofleier van die Nasionale Party, besoek Europa vir samesprekings met die Britse premier, Margaret Thatcher, die Wes-Duitse kanselier, Helmut Kohl, die Portugese eerste minister, Cavaco Silva, en die Italiaanse minister van buitelandse sake, Giulio Andreotti.

**Dr Salmon Joubert,** parkhoof van die Krugerwildtuin, spreek hom uit teen 'n wêreldwye verbod op ivoorhandel, omdat die inkomste daaruit weer in natuurbewaring teruggeploeg word.

**'n Hofbevel dat** die Stellenbosse Studenteraad nie 'n mosie mag behandel dat sy publikasiekomitee afgedank word nie, word deur die Kaapse Hooggeregshof toegestaan. Die mosie is ingedien deur die SR-lid wat voorsitter is van die publikasiekomitee, André Gaum. Twee mosies van Gaum dat Kolbé Kolver, kleinseun van John Vorster, as redakteur van Die Matie aangewys word, is deur die SR verwerp. Die SR het toe vir Gaum voor die keuse gestel om 'n ander kandidaat voor te stel of om saam met die publikasiekomitee afgedank te word.

**'n Geheime delegasie** wat die afdeling gemeenskapskommunikasie (Gemkom) verkry het om dringende aankope "in strategiese belang" te doen, is verkeerd gebruik in transaksies met sy seun Tinus, erken Jaap Strydom, adjunk-direkteur-generaal van Onderwys en Opleiding, voor die Van den Heever-kommissie.



**Die Demokratiese Party** beweer dat die NP die DP in verskeie kiesafdelings gevra het om nie kandidate te stel nie. Die DP het egter enige sulke verkiesingsooreenkomste van die hand gewys. Genl Magnus Malan, minister van verdediging, ontken dat die NP die DP gevra het om nie in sy Modderfontein-kiesafdeling te staan nie, en dat die NP in ruil daarvoor aangebied het om nie in Sandton te staan nie. Die DP hou voet by stuk. Hendrik Schoeman, vorige NP-LP vir Delmas, erken dat hy in 'n vertroulike brief aan dr Zach de Beer gesê het die DP moenie in Delmas staan nie.

**Suid-Afrika maak** hom gereed om 'n nuwe middelafstandmissiel wat met Israeliese hulp ontwikkel is, te toets. Die missiel sal kernkoppe 1 440 km ver kan dra.

**Die Suid-Afrikaanse** Raad van Kerke begin 'n ondersoek na die skynbare poging om hul algemene sekretaris, dr Frank Chikane, te vergiftig.

**Dr Nico Smith,** predikant in die NG Kerk in Afrika, en sy vrou Ellen, trek uit Mamelodi, die township buite Pretoria.

**Rafiq Rohan, 35,** 'n Durbanse joernalis, verskyn in die hof op aanklagte van terrorisme.

### Wêreld

**'n Russiese passasierskip** met 953 mense aan boord, die Maxim Gorki, bots teen 'n ysberg aan die Noorweegse kus.

**'n Bomontploffing by** die ANC se kantore in Lusaka eis die lewe van een persoon.

**Drie mense sterf** en 53 word beseer in 'n week van etniese konflik in Kazakhstan in die Sowjet-Unie.

**Verkiesings vir die** Europese parlement word gekenmerk deur 'n swaai na links.

**Andreas Papandreou,** eerste minister van Griekeland, bedank na 'n nederlaag in die Griekse algemene verkiesing.

**'n Ooreenkoms in** die westelike Sahara kan bereik word tussen Marokko en die Polisario-front, sê die VV se sekretaris-generaal, Javier Perez de Cuellar, in Rabat.

**Drie mans wat** 'n trein aan die brand gesteek het in onrusvoorvalle gemik teen die regering, word in Beijing in die openbaar tereggestel. Die volkshof vra vir onmiddellike verhore van deelnemers aan die "teen-revolusionêre rebellie" in China. Die VSA stel hernieude sanksies teen China in.

**Israel val drie keer** Palestynse teikens in die suide van Libanon uit die lug aan.

**'n PLO-verteenwoordiger** in Washington sit agt voorwaardes uiteen vir verkiesings in die besette Westeroewer en Gaza-strook, waaronder die onttrekking van Israeliese soldate en die terugkeer van uitgesette Palestyne.

**Twintig burgerlikes,** onder wie twee joernaliste, word in die Soedan in hegtenis geneem ná 'n mislukte staatsgreep.

**Regeringstroepe in** Mosambiek skiet 161 MNR-rebelle dood.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

BOKS:

# Die narre dra bokshandskoene en ruik harpuis

**Beer Pelser**

DIE stigter van die eerste boksbeheerliggaaam, die Graaf van Lonsdale, draai sekerlik in sy graf om as hy sou weet wat tans in wêreldboks aan die gang is.

Dit is 'n ope geheim dat die alombekende, maar nie noodwendig beminde promotor, Don King, self planne beraam om 'n vyfde internasionale boksbeheerliggaam op die been te bring.

Sowat 68 titels word reeds deur die bestaande vier liggame, die World Boxing Association (WBA), International Boxing Federation (IBF), World Boxing Council (WBC) en die World Boxing Organization (WBO) beheer.

In die proses besit nie een van die organisasies meer genoeg geloofwaardigheid om boks as 'n sport te verteenwoordig nie.

Hoewel boksers, promotors en die beheerliggame nooit beter daaraan toe was nie, het die glans van internasionale boks verdof. Geen kampioen kan homself meer die beste ag as daar drie ander is wat ook so dink nie.

Omdat biljoene dollars en ander belange betrokke is, sal dit baie moeilik wees om die probleem te oorkom.

Hier en daar word darem probeer: Lande soos Brittanje, Japan en Korea verbied hul boksers om deur WBA-toue te klim en die Amerikaans-beheerde IBF word ook deur talle lande geboikot.

'n Moontlike oplossing om 'n mate van eenheid te kry, kan die huidige unifikasie-gevegte - soos die Sugar Ray Leonard/Thomas Hearns-geveg - wees. Volgens Nigel Collins, in die gesaghebbende Ring-tydskrif, sal eenheid moeilik verkry word - omkopery, politiek en oneerlikheid het vinniger as aids in hedendaagse boks versprei.

In Suid-Afrika probeer talle promotors om een van die Mickey Mouse-titels in te palm. Boksers wat in die verlede nie 'n kat se kans gehad het nie, veg nou maandeliks om een of ander titel. Die meeste van die titelhouers wie hulle aandurf, is in Suid-Afrika onbekend.

Hoewel politieke inmenging Suid-Afrika van talle goeie gevegte ontneem het, is die opolossing nie om minderwaardige titels huis toe te bring nie. Met die uitsondering van Brian Mitchell is daar tans nie een plaaslike bokser wat hoegenaamd van wêreldgehalte is nie.

Die kanse lyk maar skraal of dié klaaglike stand van sake vinnig sal verbeter.

Geld praat harder as 'n Mike Tyson-vuishou en geld beheer internasionale boks.

Ernstige boksliefhebbers kan maar net duim vashou dat dié sirkusse se speelvak binnekort eindig.

TENNIS:

# Lendl-lam of Ivan die Verskriklike op Wimbledon?

**Chris van Vuuren en AFP**

WIMBLEDON is nie net sinoniem met aarbeie en room en komkommer-toebroodjies nie, maar ook met kanonskoot-afslane en akkurate vlughoue, en pyn en glorie.

Dit is weer tyd vir dié tennistoernooi wat almal se verbeelding aangryp. In die volgende twee weke gaan die Wimbledon-klub in Londen se grasbane omskep word in 'n jagveld waar die wêreld se top-spelers hul visiere gaan instel op die mees gesogte trofee in internasionale tennis.

Wimbledon het 'n magnetisme wat geen ander toernooi hom kan nadoen nie. Dit is ook die een titel wat die wêreld se nommer een manspeler, Ivan Lendl, sulke duike in sy wange gegee het - hy kon dit nog nie inpalm nie.

Die 29-jarige Lendl se pad na grasbaan-glorie kan ook glibberig begin omdat hy in sy eerste wedstryd teen die junior wêreldkampioen, Nicolas Pereira van Venezuela, te staan kom. Dié tiener het al met verlede jaar se wenner, Stefan Edberg, afgereken.

Lendl het verlede Sondag sy eerste senior titel op gras by die Queen's Klub gewen.

Hoewel hy die Wimbledon-finaal in 1986 en 1987 gehaal het, is hy nie 'n gelukkige man op gras nie. Dié verskynings het hy te danke aan deursettingsvermoë en kille konsentrasie, eerder as flair vir 'n grasbaan.

Dit is juis dié eienskappe wat sy kanse vanjaar beter as ooit laat lyk.

Maar hy sal moet uithaal en wys. Daar is maklik 'n halfdosyn spelers wat glo hulle het die skietgoed om as kampioen gekroon te word.

Edberg se resep van "guts" en ongetwyfelde vernuf op 'n grasbaan het hom verlede jaar die titel besorg. Die 23-jarige Sweed is op dreef, maar hy sal Michael Chang - wat hom op sensasionele wyse in die Franse Ope geklop het - nie onderskat nie. Die Amerikanertjie is in dieselfde afdeling as hy geloot.

Boris "Boem-boem" Becker, twee maal Wimbledon-kampioen, is derde gekeur en sy mond water om dit met nommer drie te vier. Gras is sy kos.

Sy loting is ook ideaal want hy begin teen 'n kwalifiseerder. Hy sal eers werklik getoets word in die kwarteindronde wanneer hy teen die sesde gekeurde Switser, Jakob Hlasek, te staan kom.

En dan is daar die kleurryke John McEnroe, wat drie Wimbledon-titels in die sak het. Hy het 'n moeiliker afskop in die vorm van die Aussie, Darren Cahill - 'n verrassende semifinalis in verlede seisoen se Amerikaanse Ope.

As hy sy smeulende humeur kan beteuel, staan hy 'n buitekans om die horlosie terug te draai na die vroeëre tagtigerjare toe hy die toernooi oorheers het.

Meneer Sonja Mulholland, Mats Wilander, is in dieselfde bootjie as Lendl. Soos laasgenoemde kan hy die Australiese, Franse en Amerikaanse titels agter sy naam skryf, maar nie Wimbledon nie. Die stil Sweed het nog nie verby die laaste agt op Wimbledon gekom nie, maar is blykbaar goed gemotiveer vir vanjaar se toernooi.

Die tiener-sensasie van die Franse Ope, Chang, is nie fisiek werklik sterk genoeg om op gras te oorleef nie en behoort nie ver te vorder nie. McEnroe het belowe dat hy sy broek op die hoofbaan sal aftrek as Chang die finaal haal!

Suid-Afrika se hoop is op Christo van Rensburg gevestig en deur die finaal op Queen's te haal, het hy bewys dat hy sy stem dik kan maak op Wimbledon. Ons kan hoop dat dit nie net 'n keel skoonmaak gaan wees nie.

Wat die vroue betref hoef nie verder as die Wes-Duitse ster, Steffi Graf, gesoek te word nie.

Graf, Martina Navratilova, Gabriela Sabatini en Chris Evert is die vier eerste gekeurdes en dit sal 'n groot skok wees as een van hulle nie die kwarteindrondes haal nie.

Dit sal 'n onmenslik poging van die ander drie verg om die verdedigende kampioen, Graf, te onttroon.




Ivan Lendl, wat nog altyd gesukkel het op grasbane, gaan dit die volgende twee weke op Wimbledon probeer regstel. Dit sal nie sonder liters sweet geskied nie.

*Skets: Charles Leonard*

MUURBAL:

# Renee se raket teen die muur



Renee Aucamp

**Charles Leonard**

RENEE AUCAMP het al die regte antwoorde.

Teenstanders se houe op die muurbalbaan word met 'n aggressiewe sshwapp! beantwoord. Politieke vrae antwoord sy berekend sonder om noodwendig die land se probleme vir ons op te los. Oor hoe die standaard van muurbal in Suid-Afrika kan verbeter, gaan sy daadwerklik iets doen.

En sy het nou die tyd daarvoor, want sy het verlede week die negentiende en laaste keer die vroue muurbal- Springbokspan gelei teen 'n internasionale span in Pretoria. Dit was die laaste wedstryd in 'n toetsreeks wat die Springbokke elke maal naelskraap verloor het.

Sy gaan vanjaar nog aan twee ander toernooie deelneem en dan haar raket ophang.

Dit is bloot toevallig dat Renee muurbal begin speel het. In 1977 het sy begin speel om fiks te bly vir hokkie. Sy was in dié stadium in die Suid-Transvaalse hokkiespan én 'n professionele tennisafrigter. Dit was die enigste sportsoorte waaraan sy toe deelgeneem het!

"My verhouding met sport het begin toe ek vyf jaar oud was," sê dié 34-jarige sportmens. "Na my eerste skooldag het ek vir my ma gesê dat skool nie so lekker is nie, maar dat die sport heel lekker lyk."

Dit het so lekker geword dat sy die afgelope tien jaar voltyds muurbal gespeel het. Sy was in dié tyd ook Suid-Afrika se nommer een-speler. Haar leerskool was hard, maar genotvol.

Renee het nege jaar lank elke jaar na die Suid-Afrikaanse seisoen, wat van Maart tot September duur, oorsee teen die wêreld se bestes gaan speel.

"Ek het veral in Engeland gespeel in hul snerpende winters. Ek moes soms op die vloer slaap en geld en kos was skaars, maar dié opofferings het my die harde speler gemaak wat ek is. Dit was tog heerlik gewees," sê sy met 'n glimlag.

In die hitte van die seisoen oefen Renee gemiddeld drie ure 'n dag.

Op die vraag "wat van pyn?" het sy weereens die regte antwoord: "No pain no gain. Harde oefening is die oplossing. As jy pyn in die oefening het, sal jy pyn in die wedstryd hê."

Haar loopbaan was nie sonder pyn nie. In 1981 sou sy aan die wêreldkampioenskap in Kanada deelneem. Maande lank het sy haarself fisiek en geestelik gedryf om ten volle voorbereid te wees vir die toernooi.

'n Week voor die tyd is sy laat weet dat sy om politieke redes nie meer mag deelneem nie.

Sy het toe die fout gemaak om in elk geval te gaan kyk. "Dit het my hart gebreek om te sit en kyk terwyl ek self eintlik moes deelneem."

Sedertdien gaan dit al hoe moeiliker vir Suid-Afrikaners om oorsee te gaan speel.

"Eerstens is dit ons politieke beleid en tweedens die Rand wat amper niks werd is nie. Dit kos gewoon te veel om op eie stoom aan die internasionale kringloop te gaan deelneem, en borge is nie te gretig om te help as hul nie werklik blootstelling gaan kry nie."

Hoewel ons sport al hoe meer nie-rassig word, bestaan apartheid nog en dit maak die wêreld moeilik vir sportmense.

"Rassisme is oral, maar ons het 'n naam daarvoor gegee en dit op die wetboek gesit. Dit het ons ondergang beteken."

Die standaard van muurbal in Suid-Afrika het baie verswak as gevolg van ons isolasie.

"'n Oplossing kan wees om meer toernooie hier te reël om die mense meer gewoond te maak aan wedstrydtoestande."

Sy gaan nou self, benewens haar promosiewerk vir 'n sportmaatskappy, toernooie op professionele wyse reël.

Wanneer gaan Suid-Afrika weer internasionaal speel? Sy weet nie. Sy het darem nie antwoorde op alles nie.

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 23 Junie 1989

## Russe skilder mooi Afrika

MOSKOU - 'n Terugskouende uitstalling van werke van Russe wat Afrika geskilder het, het verlede week hier begin. Sewentig skilderye wat spreek van die Russe se liefde vir Afrika word uitgestal.

"Die publiek in Afrika weet sekerlik van werke van veteraanskilders soos Sjaginjan, Doebrowin en Bernstein. Popenko, Zhiwotof en ander jong skilders het Afrika onlangs vir die eerste keer besoek," het een van die organiseerders gesê.

Die skilderye is opgedra aan Zambië, Zimbabwe, Somalië, Kenia, Djibouti, Guinee, Nigerië en talle ander Afrikalande.

Uit die uitstalling hier is dit duidelik dat Russiese kunstenaars al meer in Afrika begin belang stel. - ANO

# Moet filmmakers staatsgeld vat of nie?

**Andrea Vinassa**

KAN progressiewe rolprentmakers gebruik maak van die nuwe staatsubsidie of nie? Dit was die vraag wat verlede week deur lede van die Film and Allied Workers Organisation (Fawo) bespreek is.

Anders as wat mense kon verwag, het die vergadering nie konsensus bereik nie.

Die probleem het ontstaan uit klousules in die nuwe wetgewing waarvan 'n deel op 15 Mei vanjaar aangekondig is: die voorwaardes van die skema sluit in dat die prent by die staat geregistreer word en dat dit deur die publikasieraad goedgekeur moet word.

Voorheen kon rolprentmakers gebruik maak van die belastingstoegewings vir rolprente, sonder dat die staat inmeng in die prent se inhoud.

Die bespreking het veel wyer gestrek as net die subsidie en verwante sake soos die SAUK en die Grahamstad-fees is as voorbeelde gebruik van kultuurwerkers wat hulle nie by die regering skaar nie, maar tog nog betrokke is by apartheid-instellings.

Jeremy Nathan, die vervaardiger van Shot Down, en Cecil Sols van Dynamic Images, het daarop aangedring dat mense wat van die subsidie gebruik maak met die vyand heul. Bill Faure, die regisseur van die SAUK-produksie Shaka Zulu en 'n onafhanklike vervaardiger wat onder meer vir M-Net werk, het gesê daar is mense wat 'n "sagte boodskap" verkondig (wat dus van die subsidie kon gebruik maak) en ander met 'n "harde boodskap".

Willie Currie, 'n lid van Jodac se Kulturele Forum wat in sy persoonlike hoedanigheid gepraat het, het gepleit dat mense nie sommer "a collaborator with the state" genoem moet word nie en dat spesifieke gevalle binne die struggle in oorweging geneem word.

"Op die gebied van film en televisie, moet ons ondersoek wat en hoekom iemand iets doen. In 'n toekom‑tige post-apartheid uitsaaiwese, sal ons opgeleide televisie-werkers benodig - dalk nog oornag."

Mense moet egter bewus bly van die politieke implikasies van hul besluite.

"Hulle moet hulle afvra of hulle optrede as eksplisiete apartheidpropaganda beskou kan word," het hy gesê.

Currie het 'n komplekse midde-grond gedefiniëer wat tussen die onderdrukte en die onderdrukker staan, wat bestaan uit diegene wat apartheid verwerp het, maar nog steeds betrokke is by apartheid-instellings. Currie het geen antwoorde verskaf nie, maar die debat rondom die subsidie in dié gebied geplaas.

Nathan het sy punt dat dit onmoontlik is om 'n progressiewe nasionale kultuur binne bestaande strukture te skep, besonder sterk gestel. Een van die redes waarom die staat die belastingskema vir rolprente stopgesit het, is om progressiewe prent soos Mapantsula, The Stick en Shot Down in die kiem te smoor. Nathan het die vraag gevra of 'n prent soos Poppie (gegrond op Elsa Joubert se Poppie Nongena) nie die kultuur van die onderdrukker eerder as dié van die onderdrukte bevorder nie.

Nathan hou vol dat progressiewe rolprentwerkers oorlog voer teen die staat en dat 'n nuwe kultuur uit die geveg self sal ontstaan. "Dit is 'n paradys wanneer jy die breuk maak. Jy is vry van sensuur."

Sols het met hom saamgestem en gesê: "Ons moet alternatiewe strukture bou, en nie toelaat dat ons vaardighede gebruik word om die staat se doelstellings te bevorder nie."

Faure was glad nie so idealisties as Nathan nie. Hy het "die bou van brûe" bepleit, in teenstelling met 'n regstreekse verwerping van staatsbronne.

Volgens hom laat die mense wat uit staatstrukture onttrek die regtervleuel toe "om dwars oor ons te loop". Hy dink dit maak meer sin om protes te organiseer teen die beslaglegging op byvoorbeeld films soos Cry Freedom.

## Grahamstad begin die druk voel




Antoinette Kellermann wys haar staal in Kruik se Macbeth, een van die hoofstroomdrama's by vanjaar se kunstefees op Grahamstad tussen 6 en 14 Julie. Die eerste aflewering van die hoogtepunte van dié fees verskyn op bladsye 2 en 3

**Big Boys en die polisie - 5**


**Cuyler Street is terug! - 3**

**Hippies herleef - 5**

**A Piece of Sky - 5**



Elsabé Zietsman se manne-wales by die Markteater is met gemengde gevoelens ontvang. Sy keer nou terug in haar ou gewaad as kabaret-artieste met 'n vertoning wat vanaand by die Black Sun begin



Kapenaars wat deur die Paarl reis kan gerus 'n draai maak by Dal Josafat. Barend de Wet, Kate Gottgens, Clementina van der Walt, Andrew Olivier, Hardy Botha, Timo Smuts, Jan Vermeiren en Jan Visser stal uit op Non-Pareille

# 'n Baie besondere 'bredie'

BREDIE moenie in die vloeistof swem nie, het ek in 'n vorige rubriek gewaarsku, want bredies is nie sop nie.

Elke reël het egter sy uitsondering.

Vandag wil ek oor 'n bredie skryf wat eintlik 'n sop-bredie is.

En dit is baie besondere gereg. As jy die regte bestanddele gebruik kan jy skaars glo wat uit die pot kom. Jy eet bietjies-bietjies in stilte.

So 'n gereg sluk jy nie af omdat jy honger is nie. En indien jy voor die tyd honger is, eet gerus 'n sny brood.

Dit is nie 'n goedkoop bredie nie, omdat jy 'n goeie lamsboud moet koop en twee bottels goeie swaar roolwyn daarin moet gooi. (In hemelsnaam nie Tassenberg of ander "kookwyn" nie.)

Dis die soort gereg wat jy vir baie spesiale vriende kook. Vra hulle om genoeg wyn saam te bring want ná so 'n ete moet 'n mens bietjie (of baie) vrolik word.

Die resep is vir ses of sewe mense, omtrent die ideale getal vir 'n klein dinee waarop mens lekker kan gesels.

Jy sal ook hier 'n splinternuwe soort knoffelbrood ontdek, baie anders as die gewone kru knoffelbrood. (Indien jy een van die ongelukkige mense is wat nie van knoffel hou nie, kan jy gewone brood saam met die gereg eet. Ek raai jou egter aan om vinnig te leer knoffel eet.)

Koop die bestanddele die vorige dag. Die vleis moet vier uur lank marineer en die "bredie" moet drie en 'n kwart uur in die oond deurbring. Beplan dus.

Bel jou slagter 'n paar dae voor die tyd om gesoute varkmaag ("salt belly of pork") in die hande te kry.

Hierdie resep vra vir gesoute varkmaag sowel as gesoute varkvel ("salt rind of pork"), maar dis moeilik om die twee afsonderlik te kry. Kry dus varkmaag met die vel aan.

Die bestanddele is soos volg:

**1 goeie lamsboud van 3 kg, ontbeen (vra jou slagter as jy nie weet hoe nie)**

**700g gesoute varkmaag, in water geweek en in stukkies so groot as jou duim gesny**

**2 bottels goeie stewige roolwyn**

**240g grof gekapte uie**

**4 huisies knoffel, geskil en platgedruk**

**4 tamaties wat 100g elk weeg**

**2 blokkies beesvleisaftreksel**

**1 bouquet garni, wat bestaan uit heelwat vars pietersielie, 'n halwe stok seldery, 'n lourierblaar, 'n stuk lemoenskil 10cm lank en takkies vars tiemie, wat alles met 'n garingdraad aanmekaar vasgemaak is**

**3 eetlepels olyfolie**

**200g koekmeel**

**1 eetlepel fyngedrukte swart peperkorrels**

**En vir die knoffelbrood (moet jou asseblief nie doodskrik nie):**

**5 heel knoffelknolle (KNOLLE, nie huisies nie)**

**3 eetlepels olyfolie**

**een of meer Franse "baguette" brode**

Sny oortollige vet en bloederigheid van die lamsboud af, en sny die vleis in groterige stukke van omtrent 80-90g. Plaas saam met die uie, knoffel en tamaties (geskil, gekap, sonder pitte), die bouquet garni en peper in 'n groot emaljeysterpot. Gooi die twee bottels goeie wyn by (al breek dit jou hart) en ook die olyfolie en meng deeglik met 'n houtlepel. Plaas vier uur lank in 'n koel plek (maar nie in die yskas nie) om te marineer.

Sny die varkmaag in blokkies en plaas in 'n groot pot met koue water. Verhit tot kookpunt en prut 5 minute lank. Dreineer en spoel onder koue water af.

Voorverhit die oond tot 110 grade Celsius (225 grade Fahrenheit - dis al) wanneer die vleis drie en 'n half uur lank gemarineer het. Voeg die varkvleis, boeljonblokkies (verkrummel), en 'n teelepel of twee growwe sout by die marinade, en voeg genoeg koue water by om 2cm bokant die vleis te lê.

Meng die meel met koue water in 'n bak, plaas die pot se deksel op, en seël die deksel dig met die deeg. Plaas die ysterpot in die oond en vergeet langer as drie uur daarvan.

Om op te dien verwyder jy net die kors van die deksel, gooi die bouquet garni weg, verwyder oortollige vet met 'n lepel en pas die smaak aan. Bedien dit baie warm in sopborde - elkeen met lams- sowel as varkvleis en heelwat vloeistof. Doop die knoffelbrood daarin. Maak ook 'n goeie slaai.

Maak die knoffelbrood só:

Breek die knoffelknolle op en skei die knoffelhuisies. Skil die huisies, sny elkeen in twee en verwyder enige groen gedeeltes.

Kook die knoffel 5 minute lank in twee liter soutwater. Dreineer en herhaal die proses drie keer.

Hierdie proses neem die meeste van die byt uit die knoffel: het jy al subtiele knoffel geëet?

Gooi dit 'n vierde keer in die water en laat dit 'n rukkie prut totdat dit sag is. Dreineer en maak fyn deur dit deur 'n sif te druk. Meng met drie eetlepels olyfolie: dit is nou 'n gladde wit puree. Voeg 'n bietjie fyn sout by.

Sny die Franse brood in skywe en rooster aan albei kante in die oond. Smeer liggies met die knoffelpuree aan een kant en plaas 'n paar sekondes onder die oondrooster.

Dit is een van die besonderste geregte wat ek ooit geëet of berei het. Net 'n meester sou byvoorbeeld daaraan kon dink dat die lemoenskil, soos elkeen van die ander bestanddele, onontbeerlik is vir hierdie gereg. En moenie dink lamsvleis en varkvleis kombineer nie uitstekend nie.Bedien as nagereg bloedpomelo's, in helftes gesny, met 'n dik laag (verkieslik versuikerde) heuning daaroor gesmeer, wat sewe minute onder die oondrooster gedruk is. Heerlik.

En dan 'n stukkie Brie vir elke gas. Drink nog baie wyn tot laatnag.

KOOS COETZEE

# Duisendblad: van orakel tot haargroeimiddel

**Krui vir jou...**



**Achillea millefolium**

VOORDAT koning Wu die Chou-dinastie kon vestig, moes hy eers die magtige Shang in die noorde van China verslaan. Hy het die ou skilpaddop-orakel geraadpleeg en dié het hom afgeraai om die Shang aan te vat.

Wu was nie tevrede met die uitspraak nie en het weer die orakel geraadpleeg. Dié keer het hy stokkies van die duisendblad (yarrow) gebruik.

Die uitspraak was gunstig, hy het opgetrek teen die Shang en hulle verslaan - die ou skilpaddopmetode om die orakel te raadpleeg moes plek maak vir die vyftig duisendbladstokkies.

Duisendblad het ook die bloeding aan Achilles se hakskeen help stop. Vandaar die botaniese naam vir die nuttige krui - Achillea millefolium.

Maar die krui word nie net gebruik om die gode se bloeding te stop of om konings te help om hul vyande te oorwin nie.

Gewone mense gebruik dit eeue lank al as medikasie vir so te sê enige kwaal.

So byvoorbeeld word dit vandag nog met welslae gebruik vir die behandeling van hipertensie en koronêre trombose.

Duisendbladtee - versoet met 'n bietjie heuning - werk koors doeltreffend teë, is goed vir verkoues, diarree, rumatiek en 'n seer keel. Neem 'n handvol duisendbladblare en laat dit vir ongeveer 10 minute trek in 'n liter kookwater. Gooi die treksel deur 'n sif en versoet met heuning. 'n Koppie elke oggend en aand behoort die ding te doen.

Volgens Margaret Roberts in haar uitstekende Book of Herbs - geen kruieliefhebber kan daarsonder nie - kan 'n duisendbladtreksel daagliks in die kopvel gevryf word om haargroei te stimuleer.

'n Treksel van die blomme dien weer as baie doeltreffende velreiniger.


Soos in die geval van Achilles, kan die krui steeds gebruik word om wonde te reinig en bloeding te stop.

Die duisendblad is miskien nie 'n baie nuttige krui om mee te kook nie, maar dit het soveel medisinale eienskappe dat dit ons kan help om gesond te wees terwyl ons eet.

*Volgende week: pietersielie.*

RYK HATTINGH

**ETE EN DRINKE**



# Die laaste van 1961 se Monis Port op die mark

MONIS het die laaste van sy 1961-port in 'n versamelaarsreeks vrygestel.

Die port - wat volgens kenners kom uit die beste plaaslike port-oesjaar nog - kom in 4 500 bottels.

Elkeen is individueel genommer met ses beroemde artillerie-stukke wat in die Anglo-Boereoorlog gebruik is op die etikette.

Die port, ryk en neuterig met 'n ryp en rosynagtige aroma, is op die tradisionele Portugese manier gemaak deur Monis se keldermeester, Hans Losch.

Monis se produkbestuurder, Johan Slabbert, sê: "Dis die derde in die Monis versamelreeks van port uit verskillende oesjare, wat belangrike aspekte van ons land se geskiedenis op die etikette uitbeeld.

"Die eerste reeks het ses ou Suid-Afrikaanse seëls gedra, die tweede die 'Randlords' wat soveel bygedra het tot die groei van die Transvaal.

"Die derde wys die artillerie wat in die Anglo-Boere oorlog gebruik is. Die Long Cecil, die 4,1 duim agterlaaier wat in die beleg van Kimberley deur die Engelse gebruik is:

"As teenvoeter het die Boere die Long Tom bestel, 'n 155mm Creusot-kanon wat ook op een van die etikette verskyn.

"Die ander kanonne is die Lord Nelson wat ook by Mafeking gebruik is, 'n 4,7 duim vlootkanon van die HMS Terrible wat later in die ontsetting van Ladysmith gebruik is, die 15-ponder wat deur die Britse leër gebruik is, en die Boere se 'Pom Pom'."

Die port is gemaak van 'n versnit van Souzao, Cinsaut, Tinta Barocca en Cabernet Sauvignon. Die druiwe is gekweek op onbesproeide grond op die verweerde graniet van die Boberg. Die port is twee jaar lank verouder in klein Franse eikevaatjies, voordat dit in groter hout oorgeplaas is.

Keldermeester Losch beskryf sy port as goed gebalanseerd in geur, nie te swaar of te stroperig nie, met 'n heeltemal droë afronding op die verhemelte.

Hy sê die volle warmte en rykheid van die port het maar onlangs na vore gekom, en behoort ten minste nog 'n dekade te hou, aangesien die port 'n goeie suur en dus 'n goeie verouderingspotensiaal het.

HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER

ONTHOU
Koala Blu Restaurant
is elke middag en aand oop
482-2477/8
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië

## FILMS

*Van bladsy 7*

Michael Chamberlain. Meryl Streep is vir 'n Oscar in haar rol as Lindy benoem.

**THE FLY II gaan oor die man wat in 'n monsteragtige vlieg verander het in The Fly, se seun Martin. Hy raak verlief en vir die eerste keer beteken sy lewe iets... maar toe neem Martin se insek-bloed oor... en nou wag ons vir The Fly III, seker oor Martin se seun.

**CROSSING DELANCEY - 'n Joodse ouma besluit dat dit tyd is vir haar liberale kleindogter om te trou en sy huur iemand om vir haar 'n man te vang. Met Amie Irving in die hoofrol.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak bymekaar betrokke en die vonke begin spat toe emosies in die pad van besigheid kom. Met Michelle Pfeiffer (as die pragtige vrou), Mel Gibson en Kurt Russel.

*FOREVER FRIENDS - Bette Midler en Barbara Hershey is twee vriendinne met uiteenlopende karakters wie se jare lange vriendskap hulle deur lief en leed neem... maar dan duik iets baie leliks op.

*TWINS - Arnold Schwarzenegger en Danny DeVito is twee identiese tweelingbroers wat nie van mekaar se bestaan weet nie. Julius (Schwartzenegger) se soektog na sy tweelingbroer is skreeusnaaks.

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

### KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand: 6.00 Under Satan's Sun. 8.00 Some Like it Hot. 10.15 Pink Floyd The Wall. Saterdag: 4.30 Once upon a time in America. 8.30 A Man in Love. 10.30 The Belly of an Architect.

### JOHANNESBURG

4AD FILM SOCIETY - Corlett City
Sondag-aand: La Dolce Vita met Marcello Mastroianni en Anouk Aimee is die verhaal van 'n skinderskrywer wat deur 'n persoonlike krisis in sy lewe gaan.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Vanaand en Saterdagaand wys A Clockwork Orange nog en van volgende Maandag (tot Woensdag) wys Canterbury Tales. Donderdagaand begin Brazil en duur tot 1 Julie.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# Dis weer die geel gevaar

WAR AND REMEMBRANCE is die vervolg op die klassieke Winds of War en begin Donderdagaand om 9-uur op TV1. Die drama begin 'n week na die Japanese aanval op Pearl Harbour en Amerika verklaar oorlog. Met Robert Mitchum, Jane Seymour en Hart Bochner. In 18 aflewerings.

SOPHIA LOREN en Marlon Brando speel die hoofrolle in die rolprent A Countess from Hong Kong wat ook Donderdagaand op TV1 wys. Die komedie/drama is geskryf deur die onvergeetlike Charlie Chaplin wat ook verantwoordelik was vir die musiek. Hy maak ook 'n vinnige verskyning in die rolprent. Die storie is oor 'n Amerikaanse diplomaat en 'n arm Russiese hertogin wat per skip op pad Amerika toe is.

TORA! TORA! TORA! is 'n drama oor die gebeure wat tot die historiese aanval op Pearl Harbour gelei het. Met Martin Balsam, Soh Yamamura en James Whitemore. Die rolprent wys Donderdagaand op M-Net

DIE sexy Warren Beatty is 'n slim dobbelaar en Glenda Jackson 'n bordeeleienares wat saam 'n plan beraam om 'n ekstra geldjie uit 'n mynonderneming te maak in die fliek McCabe and Mrs Miller wat Woensdag op M-Net vertoon word. Alles is nie altyd wettig nie, maar wie gee om!

SUPERMAN is terug in Superman II en hierdie keer kom hy te staan teen drie nare boewe wat die wêreld wil oorneem. Hulle is natuurlik van 'n ander planeet en hulle wil ook natuurlik Superman se keel afsny. Daar is ook iewers 'n mooi meisie in en wat wou, Gene Hackman is ook in die fliek! Superman wys Sondagaand op M-Net.

CLINT EASTWOOD en sy meisie (Sondra Locke) is ook terug in die fliek Any Which Way You Can, Saterdagaand op M-Net. Moet tog nie die oerangoetang vergeet nie (wat sal 'n Clint Eastwood fliek dan sonder 'n aap of twee wees). 'n Motorfietsbende is kort op Clint se hakke en hulle vang sy meisie. Toe word die man kwaad.

IN Revenge of the Nerds kom 'n groep baie slim kollege-manne te staan teen die baie dom bofbalmanne en die aksie begin behoorlik toe een van die oulike doedies haar ooghare vir die verkeerde man begin kam. Met Robert Carradine en Anthony Edwards. Revenge of the Nerds wys Maandag op M-Net.

WIE kan ooit vir Bruce Lee vergeet? Enter the Dragon wys Dinsdagaand op M-net en in die aksie film is Bruce warm op die spoor van 'n groep dwelmsmokkelaars. Hy trap klei in die begin maar wen natuurlik in die einde. Ook met John Saxon, Ahna Capri en Bob Wall.

RAID ON ROMMEL is TV1 se Saterdagaandfliek. Dis die verhaal van 'n kaptein wat oorlogsvlugtelinge oor die grens help. Hy kom te staan teen die baie berugte Maarskalk Rommel. Met Richard Burton en Joan Colicos.



**Clint Eastwood in Any Which Way You Can**

## VRYDAG 23

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.30 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Die Straatkatte
10.00 Laataandsessie
10.50 Gemini - Diamantsmokkelary, liefde en avontuur is die hoofbestandele van dié Afrikaanse speelfilm met Sybil Coetzee en Thys Matthysen in die hoofrolle.
12.30 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Hell in the Pacific
10.54 It's Garry Shandling's Show
11.21 Musiek Program

**M-NET**
10.30 Hanky Panky
12.15 Newsnight
12.30 Travelling Gourmet
1.00 Herbie Rides Again
2.30 Telebugs
2.35 The Bunjee Adventure
3.00 Telygames
3.30 Evil Under the Sun
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Perfect Strangers
7.45 Motorsport en fietsry
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Making Love - Die perfekte paartjie ('n dokter en sy vrou) tel huweliksprobleme op toe 'n oulike skrywertjie hulle lewens kom ophelder. Met Kate Jackson (Charlie's Angels).
10.17 West 57th
10.30 The Revolution Wedding
12.00 Hot Hits

## SATERDAG 24

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
11.55 Beyond 2000
12.50 The Pink Panther and Sons
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo
1.10 Skateiland
1.35 Spoelgoud
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Raid on Rommel - kyk onder hoogtepunte
11.10 The Judge
11.30 Epilogue

**TV4**
6.03 Eisenhower and Lutz
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.21 The Tracy Ullman Show
10.47 Raaisels in die Kluis

**M-NET**
12.45 Revue Plus
1.30 Police Academy
2.35 Tennis
4.30 Boks
Oop Tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Any Which Way You Can - kyk onder hoogtepunte
10.20 West 57th
10.30 Boks

## SONDAG 25

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Riding High
2.30 Castle
3.30 Die Vialhe-sage
4.30 Collage
5.20 The Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Billy Graham
8.00 Netwerk
9.00 Bernstein: Age of Anxiety
9.35 A Lifetime with Chopin
10.10 Overseas Artist Robert Brooks
10.25 Perspektief

**TV4**
6.03 Treasure Hunt
9.04 Highway to Heaven
9.57 227
10.24 Sing Country
10.59 Topsport

**M-NET**
7.30 Indian tier open
7.31 Feature Movie
10.00 Ramayan
10.30 Portugese tier open
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Rodo Do Fogo
Intekenare
1.30 Boks
3.30 Protocol
5.00 60 Minutes
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Heathcliff
Oop Tyd
6.15 Trapper John
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Wildlife on One: The Private Life of the Barn Owl
8.30 Superman II - kyk onder hoogtepunte
10.30 Boks

## MAANDAG 26

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Webster
5.00 Quaq Quoa
5.05 AEIOU
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.35 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The Highwayman
8.00 Netwerk
9.00 Met liefde van...
10.00 Topsport
11.30 St Eligius
12.20 Oordenking

**TV4**
6.03 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.23 21 Jump Street
11.15 The Forum Presents

**M-NET**
10.30 The Great Santini
12.00 The Friday Report
12.30 Travelling Gourmet
1.00 Island at the top of the World
2.30 The secret World of Og
3.00 Telygames
3.30 Any Which Way You Can
5.15 The Adventures of a Mouse
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Wimbledon
Intekenare
8.00 Wimbledon
8.30 Revenge of the Nerds - kyk onder hoogtepunte
10.30 Wimbledon

## DINSDAG 27

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Aarde en die Meul
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Saartjie
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die ander Hollywood
8.00 Network
8.30 Dallas
10.00 Topsport
11.30 Open University
12.25 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 I Married a Centerfold -'n Lekker liefdesverhaaljie oor 'n mooi meisie en 'n slim man (behalwe as dit by vroumense kom). Met Teri Copley en Timothy Daly.
10.44 The Hit Squad
11.09 Hondo

**M-NET**
6.30 Wimbledon
10.30 The Revolution Wedding
12.30 Travelling Gourmet
1.00 Snoopy Come Home
2.20 Jimbo and the Jet Set
2.25 Telebugs
2.30 The Secret World of Og
3.00 Telygames
3.30 Police Academy
5.25 Children's Island
5.50 GI Joe
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Wimbledon
Intekenare
8.00 Wimbledon
9.00 Enter the Dragon - kyk onder hoogtepunte
10.35 Wimbledon

## WOENSDAG 28

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Quaq Quao
5.05 AEIOU
5.10 ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Sea Hunt
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.30 Die Barok en sy Wêreld
12.00 Oordenking

**TV4**
6.03 Day by Day
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 San Bernardino
11.24 My Two Dads

**M-NET**
6.30 Wimbledon
10.30 Making Love
12.17 West 57th
12.30 Travelling Gourmet
1.00 The Secret of the Sword
2.30 The Secret World of Og
2.40 Telygames
3.30 Superman 11
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Wimbledon
Intekenare
8.00 Wimbledon
9.00 McCabe and Mrs Miller - kyk onder hoogtepunte
11.00 Wimbledon

## DONDERDAG 29

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Vakansie in die Vreemde
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Arende
8.00 Network
9.00 War and Remembrance - kyk onder hoogtepunte
10.00 Topsport
11.00 A Countess from Hong Kong - kyk onder hoogtepunte
1.15 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 Life's Most Embarrassing Moments
9.52 Cheers
10.20 Oubaas Koster
11.27 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
6.30 Wimbledon
10.30 Protocol
12.00 The Money Programme
12.30 Travelling Gourmet
1.00 Heathcliff: The Movie
2.30 Paddington goes to the Movies
3.00 Telygames
3.30 The Revolution Wedding
5.25 Dr Snuggles
5.50 Inspector Gadget
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Wimbledon
Intekenare
8.00 Wimbedon
9.00 Tora! Tora! Rora!
11.30 Wimbledon
12.30 Carte Blanche

**Eerste aflewering van 'n kruierubriek - 4**